Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

[As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CLXIII.] PRYS 6d. PRETORIA, 12 JANUARIE 12 JANUARY 1951. PRICE 6d. [No. 4522.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No.		BLADSY
	Proklamasies.	
✱	6. Verbod op die Verkoop van Bokhaar (*B.S.* No. 4520).	
✱	7. Bokhaar tot Landbouvoortbrengselen Verklaar (*B.S.* No. 4520).	
✱	8. Wysiging van Tekenings op Unie-muntstukke	1
✱	9. Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945: Aandklok, Uvongo	2
✱	10. Beperking van Reg van Naturelle om Sekere Gebiede Binne te Kom	2
✱	11. Heffing van Spesiale Belasting van die Barolong-naturellestam	3
✱	12. Sluiting en Deproklamasie van Alluviale Delwery	4
✱	13. Uie vir Uitvoerdoeleindes tot Landbouproduk Verklaar	4
	Goewermentskennisgewings.	
	KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱	81. Persoon Geregistreer: Gesantskap van die Nederlande	5
✱	82. Intrekking van Registrasie: Koninklike Gesantskap van Egipte	5
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
✱	52. Suid-Afrikaanse Reserwebank: Staat	6
✱	59. Doeanewet: Wysiging van Regulasies ...	6
✱	60. Koopvaardij (Certifikaten van Bekwaamheid) Wet, 1925: Benoeming van Rade van Eksaminatore	16
✱	61. Aanstelling van Ontvanger van Inkomste, Vereeniging	17
✱	69. Staat van Skatkisontvangste en -uitbetalings	17
✱	76. Gewetensgeld	19
✱	83. Portofrankeermasjiensertifikate	19
✱	84. Plaaslik Geregistreerde Effekte: Verlore Sertifikate	22
✱	85. Voorlopige Opgawe van Handel, November 1950	23
	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:	
✱	62. Magistraatsdistrik Warmbad: Lys van Plase	24
✱	86. Suid-Afrikaanse Polisie: Wysiging van Regulasies	24
✱	87. Instelling van Periodieke Hof, Sannieshof	26
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU:	
✱	45. Uitvoer van Bokhaar: Spesiale Gelde vir Inspeksie (*B.S.* No. 4520).	
✱	46. Uitvoer van Bokhaar: Verpakking, Merk en Inspeksie (*B.S.* No. 4520).	
✱	47. Verkoop van Bokhaar: Gradering, Verpakking en Merk (*B.S.* No. 4520).	
✱	48. Verpakking en Merk van Wol (*B.S.* No. 4520).	
✱	63. Aansoeke om Brandmerke: Kaapprovinsie	27
✱	64. Aansoeke om Brandmerke: Kaapprovinsie: Wysigings	28

B.S.=Buitengewone Staatskoerant.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No.		PAGE
	Proclamations.	
✱	6. Prohibition on the Sale of Mohair (*G.G.E.* No. 4520).	
✱	7. Mohair Declared Agricultural Produce (*G.G.E.* No. 4520).	
✱	8. Alterations of Designs on Union Coins	1
✱	9. Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945: Curfew, Uvongo	2
✱	10. Restriction of Right of Natives to Enter Certain Areas	2
✱	11. Levy of Special Rate on Barolong Tribe of Natives	3
✱	12. Closing and Deproclamation of Alluvial Diggings	4
✱	13. Onions Declared Agricultural Produce for Export Purposes	4
	Government Notices.	
	OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:	
✱	81. Registration of Person: Legation of the Netherlands	5
✱	82. Cancellation of Registration: Royal Legation of Egypt	5
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
✱	52. South African Reserve Bank: Statement	6
✱	59. Customs Act: Amendment of Regulations	6
✱	60. Merchant Shipping (Certificates of Competency) Act, 1925: Nomination of Boards of Examiners	16
✱	61. Appointment of Receiver of Revenue, Vereeniging	17
✱	69. Statement of Exchequer Receipts and Issues	17
✱	76. Conscience Money	19
✱	83. Postage Franking Machine Certificates ...	19
✱	84. Local Registered Stock: Lost Stock Certificates	22
✱	85. Preliminary Statement of Trade, November, 1950	23
	DEPARTMENT OF JUSTICE:	
✱	62. Magisterial District of Warmbaths: List of Farms	24
✱	86. South African Police: Amendment of Regulations	24
✱	87. Establishment of Periodical Court, Sannieshof	26
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE:	
✱	45. Export of Mohair: Special Fee for Inspection (*G.G.E.* No. 4520).	
✱	46. Export of Mohair: Packing, Marking and Inspection (*G.G.E.* No. 4520).	
✱	47. Sale of Mohair: Grading, Packing and Marking (*G.G.E.* No. 4520).	
✱	48. Packing and Marking of Wool (*G.G.E.* No. 4520).	
✱	63. Application for Brands: Cape Province	27
✱	64. Application for Brands: Cape Province—Corrections	28

G.G.E.=Government Gazette Extraordinary.

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No.		BLADSY
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU (vervolg):	
*	65. Heffing op Droëvrugte en Neute	28
*	98. Uitvoer van Uie	28
*	99. Pluimveetentoonstellings en Eierlêwedstryde: Herroeping van Verbodsbepalings	30
*	100. Veesiekteregulasies: Bepaling van Gebied	30
	DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:	
*	43. Maksimum Pryse van Stukgoedere (*B.S.* No. 4520).	
*	44. Maksimum Pryse van Breiwol (*B.S.* No. 4520).	
	DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:	
*	74. Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929: Toepassing deur Plaaslike Besture	30
*	92. Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad: Wysiging van Regulasies, Behandeling van Sake	31
*	93. Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad: Wysiging van Regulasies, Vroedvroue	31
	DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN:	
*	88. Huurraad van Middelburg (Kaap): Aanstellings	32
*	89. Huurraad van Klerksdorp: Aanstellings	32
	DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:	
*	53. Aanstelling as Huweliksbevestigers	32
*	54. Aanstelling van Staatsamptenare as Huweliksbevestigers	33
*	55. Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935: „Balfour Park"	33
*	73. Staatsdienskommissie: Aanstelling van Waarnemende Voorsitter	34
*	90. Herroeping van Aanstellings as Huweliksbevestigers	34
*	91. Naamsverandering: Roytowski na Roy ...	34
	DEPARTEMENT VAN ARBEID:	
*	50. Meubelnywerheid: Ooreenkoms (*B.S.* No. 4521).	
*	51. Meubelnywerheid: Kennisgewing ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk (*B.S.* No. 4521).	
*	66. Bounywerheid, Worcester: Verbeteringskennisgewing	35
*	67. Aansoek om die Registrasie van 'n Vakvereniging	35
*	71. Werkloosheidversekeringswet, 1946: Distrik Kuruman	36
*	72. Werkloosheidversekeringswet, 1946: Sekere Pensioen- en -Voorsorgsfondse	36
*	77. Chemiese Nywerheid: Loonraad se Aanbeveling	36
*	78. Verf- en Politoernywerheid: Loonraad se Aanbeveling	48
*	79. Koelkamernywerheid en Nywerheid vir die Bereiding van Spek en/of die Vervaardiging van Kleingoedere: Loonraad se Aanbeveling	59
*	95. Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieursnywerheid, Port Elizabeth: Voorskrywing van Leervoorwaardes	70
*	96. Aanstelling van Hoofinspekteur van Fabrieke	71
*	97. Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Onafgebroke Werk	71
	DEPARTEMENT VAN POS EN TELEGRAAFWESE:	
*	70. Postariewe op Stukke Geadresseer aan Lede van die V.V.O.-strydmagte	71
	DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE:	
*	56. Vasstelling van Vee-eenhede: Distrik Matatiele	71
*	57. Beheer Oor en Verbetering van Lewende Hawe: Distrik Engcobo	71
*	58. Huurgelde en Dienskoste: Dorpsgebied Zwelitsha	72
*	68. Verbeteringsgebied, Distrik Pietersburg ...	72
*	80. Werwingslisensies van Arbeidsagente en Werkgewers: Wysiging van Voorwaardes	72
	DEPARTEMENT VAN MYNWESE:	
*	75. „Diamond Trade Act", 1882 (Kaap): Aanstelling van „Other Officer"	73
*	94. Intrekking van Diamantslyperslisensie ...	73

(Vir vervolg sien laaste bladsy.)

Government Notices (continued).

No.		PAGE
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE (continued):	
*	65. Levy on Dried Fruits and Nuts	28
*	98. Export of Onions	28
*	99. Poultry Shows and Egg-laying Competitions: Repeal of Prohibitions	30
*	100. Diseases of Stock Regulations: Determination of Area	30
	DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:	
*	43. Maximum Prices of Piece-goods (*G.G.E.* No. 4520).	
*	44. Maximum Prices of Knitting Wools (*G.G.E.* No. 4520).	
	DEPARTMENT OF HEALTH:	
*	74. Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929: Enforcement by Local Authorities ...	30
*	92. South African Nursing Council: Amendment of Regulations, Conduct of Business	31
*	93. South African Nursing Council: Amendment of Regulations, Midwives	31
	DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE:	
*	88. Middelburg (Cape) Rent Board: Appointments	32
*	89. Klerksdorp Rent Board: Appointments ...	32
	DEPARTMENT OF INTERIOR:	
*	53. Appointment as Marriage Officers	32
*	54. Appointment of Public Officers as Marriage Officers	33
*	55. Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935: "Balfour Park" ...	33
*	73. Public Service Commission: Appointment of Acting Chairman	34
*	90. Revocation of Appointments of Marriage Officers	34
*	91. Change of Name: Roytowski to Roy ...	34
	DEPARTMENT OF LABOUR:	
*	50. Furniture Industry: Agreement (*G.G.E.* No. 4521).	
*	51. Furniture Industry: Notice in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act (*G.G.E.* No. 4521).	
*	66. Building Industry, Worcester; Correction Notice	35
*	67. Application for the Registration of a Trade Union	35
*	71. Unemployment Insurance Act, 1946: Non-Contributors, District of Kuruman ...	36
*	72. Unemployment Insurance Act, 1946: Non-Contributors, Certain Pension and Provident Funds	36
*	77. Chemical Industry: Wage Board Recommendation	36
*	78. Paint and Polish Manufacturing Industry: Wage Board Recommendation	48
*	79. Cold Storage and Bacon Curing and/or Small Goods Manufacturing Industries: Wage Board Recommendation	59
*	95. Mechanical and Electrical Engineering Industry, Port Elizabeth: Prescription of Conditions of Apprenticeship	70
*	96. Appointment of Chief Inspector of Factories	71
*	97. Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Continuous Working	71
	DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS:	
*	70. Postage Rates on Mail Matter Addressed to Members of the U.N.O. Forces ...	71
	DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS:	
*	56. Assessment of Cattle Units: District of Matatiele	71
*	57. Control and Improvement of Livestock, District of Engcobo	71
*	58. Rents and Services Charges: Township of Zwelitsha	72
*	68. Betterment Area, District of Pietersburg	72
*	80. Labour Agents' and Employers' Recruiting Licences: Amendment of Conditions	72
	DEPARTMENT OF MINES:	
*	75. Diamond Trade Act, 1882 (Cape): Appointment of "Other Officer"	73
*	94. Cancellation of Diamond Cutter's Licence	73

(Continued on back of cover.)

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE GIDEON BRAND VAN ZYL, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 8, 1951.]

WYSIGING VAN TEKENINGS OP UNIE-MUNTSTUKKE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses* van die Munt Wet, 1922 (Wet No. 31 van 1922), verklaar ek hierby dat die tekenings op die keersy van alle Unie-muntstukke wat van 1 Maart 1951 af geslaan word, onderskeidelik moet wees soos aangetoon in die Bylae wat hierby gaan.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd-en-vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

N. C. HAVENGA.

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE GIDEON BRAND VAN ZYL, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, DOCTOR OF LAWS GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA

✱ No. 8, 1951.]

ALTERATION OF DESIGNS ON UNION COINS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *six* of the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922) I hereby declare that the designs on the reverse of all Union coins minted as from 1st March, 1951, shall be as severally indicated in the Schedule annexed hereto.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on the Eighteenth day of December, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

N. C. HAVENGA.

BYLAE.—SCHEDULE.

(*a*) Kroon/Crown.

(*b*) Halfkroon/Half-crown.

(*c*) Twee sjielings/Florin.

(*d*) Sjieling/Shilling.

(*e*) Ses pennies/Sixpence.

(*f*) Drie pennies/Threepence.

(*g*) Pennie/Penny.



(*h*) Halfpennie of stuiwer/Halfpenny.

(*i*) Kwartpennie of oortjie/Farthing.



* No. 9, 1951.]

STADSGEBIED UVONGO.—AANDKLOK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat geen naturel, hetsy mans- of vrouspersoon, wat nie kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (4) van genoemde artikel vrygestel is nie, van die datum van afkondiging hiervan tussen die ure 10 nm. en 5 vm. op 'n publieke plek binne die gebied onder die beheer van die Dorpsbestuur van Uvongo mag wees nie, tensy die naturel in besit is van 'n skriftelike permit onderteken deur sy werkgewer of deur iemand wat deur sy werkgewer gemagtig is om so'n permit aan hom uit te reik, of deur iemand wat deur genoemde Dorpsbestuur of die Minister gemagtig is om sulke permitte uit te reik, of deur die bevelvoerder van 'n polisiekantoor in genoemde gebied.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Dertiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd-en-vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

* No. 9, 1951.]

URBAN AREA OF UVONGO.—CURFEW.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that from and after the date of promulgation hereof, no native, male or female, not being exempted under paragraph (*b*) of sub-section (4) of the said section, shall, between the hours of 10 p.m. and 5 a.m., be in any public place within the area controlled by the Town Board of Uvongo, unless such native be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorised by such employer to issue such permit to such native or by some person authorised by the said Town Board or the Minister to issue such permits or by the officer-in-charge of any police station within such area.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Thirteenth day of December, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

* No. 10, 1951.]

BEPERKING VAN DIE REG VAN NATURELLE OM GEBIEDE ONDER DIE BEHEER VAN SEKERE STEDELIKE PLAASLIKE BESTURE BINNE TE KOM.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *tien* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat, behoudens die bepalings van artikel *dertien* van genoemde Wet, geen naturel met ingang van die datum van uitvaardiging hiervan die gebied onder die beheer van 'n stedelike plaaslike bestuur wat in die Bylae hiervan genoem word, mag binnekom om werk daarin te soek of te aanvaar of daarin te woon nie, behalwe as—

(*a*) die stedelike plaaslike bestuur bereid is om so 'n naturel toe te laat om werk waarvoor hy in diens geneem is, in die gebied onder die beheer van dié stedelike plaaslike bestuur te aanvaar;

(*b*) so'n naturel 'n beampte wat vir hierdie doel deur die stedelike plaaslike bestuur aangestel is, daarvan oortuig dat hy 'n *bona fide* tydelike besoeker is; of

(*c*) die stedelike plaaslike bestuur, met die oog op die arbeidstoestand wat op daardie tydstip in die gebied onder sy beheer bestaan, bereid is om so'n naturel toe te laat om werk in die gebied te soek.

Met dien verstande dat die stedelike plaaslike bestuur aan 'n naturel wat aldus toegelaat word om die gebied onder sy beheer binne te kom, 'n permit moet uitreik wat aandoon hoelank hy in dié gebied mag vertoef en wat van tyd tot tyd hernu kan word.

Met dien verstande voorts dat 'n naturel wie se aansoek om die gebied binne te kom, van die hand gewys is deur die beampte wat deur die stedelike plaaslike bestuur vir die doel aangestel is, by die stedelike plaaslike bestuur appèl kan aanteken, en dat 'n naturel wat hom deur die beslissing van die stedelike plaaslike bestuur in dié verband veronreg voel, appèl kan aanteken by die Minister van Naturellesake, wie se beslissing finaal is.

* No. 10, 1951.]

RESTRICTION OF RIGHT OF NATIVES TO ENTER AREAS UNDER THE CONTROL OF CERTAIN URBAN LOCAL AUTHORITIES.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *ten* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that from and after the date of promulgation hereof, no native, except as provided in section *thirteen* of the said Act, shall enter any area under the control of any urban local authority, named in the Schedule hereto, for the purpose of seeking or taking up employment or residing therein except where—

(*a*) the urban local authority is prepared to allow such native to take up employment within the area under its control for which he has been engaged;

(*b*) such native satisfies an officer appointed by the urban local authority for the purpose, that he is on a bona fide temporary visit; or

(*c*) the urban local authority is prepared, in view of the labour conditions then existing in the area under its control, to allow such native to seek work in such area.

Provided that the urban local authority shall issue to any native who has been so permitted to enter the area under its control a permit which shall indicate the period during which he may remain in such area, and which may be renewed from time to time.

Provided further that any native whose application to enter such area has been refused by the officer appointed by the urban local authority for the purpose may appeal to the urban local authority and any native aggrieved by the decision of the urban local authority in this respect may appeal to the Minister of Native Affairs whose decision shall be final.

En verder verklaar ek dat Proklamasie No. 210 van 1938 hierby gewysig word deur in die Bylae daarvan die woorde „Umhlanga Rocks Gesondheidskomitee" te skrap en dat Proklamasie No. 66 van 1945 hierby gewysig word deur in die Bylae daarvan die woorde „Robertson Stadsraad" te skrap.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Dertiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd-en-vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
H. F. VERWOERD.

BYLAE.

Dorpsbestuursraad Ashton, Dorpsbestuursraad Lambertsbaai, Stadsraad Robertson, Gesondheidskomitee Thabazimbi, Stadsraad Bethulie, Stadsraad Odendaalsrus, Gesondheidskomitee Umhlanga Rocks.

✱ No. 11, 1951.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE BAROLONG-NATURELLESTAM ONDER KAPTEIN LOTLAMORENG MONTSIOA.

Nademaal die Barolong-naturellestam onder kaptein Lotlamoreng Montsioa, woonagtig in die distrik Mafeking, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse te verkry vir—

(*a*) die oprigting en toerusting van 'n skoolgebou in die Mafekingstad; en
(*b*) die instandhouding van 'n stamkantoor en die betaling van die salarisse en toelaes van 'n stamsekretaris, assistent-stamsekretaris en kantoorpersoneel:

En nademaal die Minister van Naturellesake daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so'n heffing verlang en hy die doel waarvoor dit opgelê sal word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), soos gewysig, hierby as volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van 10s. per jaar word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, tree met ingang van die jaar 1951 in werking en bly van jaar tot jaar van krag totdat dit herroep word.

(3) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is ten opsigte van die jaar 1951 op 1 Januarie 1951 verskuldig en betaalbaar en daarna op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

(4) Proklamasie No. 200 van 1937 word hierby met ingang van die eerste dag van Januarie 1951 herroep.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van Desember Eenduisend Negehonderd-en-vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
H. F. VERWOERD.

And I do further declare that Proclamation No. 210 of 1938 is hereby amended by the deletion in the Schedule thereto of the words "Umhlanga Rocks Health Committee" and that Proclamation No. 66 of 1945 is hereby amended by the deletion in the Schedule thereto of the words "Robertson Municipal Council".

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Thirteenth day of December, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
H. F. VERWOERD.

SCHEDULE.

Ashton Village Management Board, Lambertsbay Village Management Board, Robertson Municipal Council Thabazimbi Health Committee, Bethulie Municipal Council, Odendaalsrus Municipal Council, Umhlanga Rocks Health Committee.

✱ No. 11, 1951.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE BAROLONG TRIBE OF NATIVES UNDER CHIEF LOTLAMORENG MONTSIOA.

Whereas the Barolong Tribe of Natives under Chief Lotlamoreng Montsioa resident in the District of Mafeking has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of providing funds for—

(*a*) the erection and equipment of a school building in the Mafeking Stad; and
(*b*) the maintenance of a tribal office and the payment of the salaries and allowances of a tribal secretary assistant tribal secretary and office staff:

And, whereas the Minister of Native Affairs is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desire such a levy and approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No 41 of 1925), as amended, I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of 10s. per annum is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer

(2) The special rate hereby levied shall come into operation as from the year 1951 and shall remain in operation from year to year until withdrawn.

(3) The special rate hereby levied shall become due and payable on the first day of January, 1951, in respect of the year 1951 and on the first day of January in each succeeding year during which it is in operation.

(4) Proclamation No. 200 of 1937 is repealed with effect from the first day of January, 1951.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-second day of December, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
H. F. VERWOERD.

[No. 12, 1951.]

Nademaal sekere gedeeltes van die plaas Klipdam H.V. No. 81, Afdeling Barkly-Wes, myndistrik Barkly-Wes, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, by Proklamasie No. 194 van 1888, tot alluviale delwerye vir edelgesteentes geproklameer is;

En nademaal die oppervlakte van gemelde delwerye by Proklamasie No. 29 van 1907 vollediger bepaal en omskryf is en 'n sekere gedeelte aan die toepassing van Proklamasie No. 194 van 1888 onttrek is;

En nademaal sekere verdere gedeeltes van gemelde plaas by Proklamasies Nos. 80 van 1913, 211 van 1920 en 88 van 1922 aan die toepassing van Proklamasies Nos. 194 van 1888 en 29 van 1907 onttrek is;

En nademaal sekere gedeeltes van gemelde plaas wat by Proklamasie No. 236 van 1926 weer tot alluviale Proklamasies Nos. 194 van 1888 en 29 van 1907 onttrek is, by Proklamasie No. 236 van 1926 weer tot alluviale delwerye vir edelgesteentes geproklameer is;

En nademaal die plaas Geluk, gedeelte van gemelde plaas Klipdam H.V. No. 81, by Proklamasie No. 56 van 1929 as 'n alluviale delwery vir edelgesteentes gedeproklameer is;

En Nademaal dit nou dienstig is om sekere verdere gedeeltes van gemelde plaas Klipdam H.V. No. 81 as alluviale delwerye vir edelgesteentes te sluit en te deproklameer;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *dertig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), hierby verklaar dat sekere gedeeltes van die plaas Klipdam H.V. No. 81, Afdeling Barkly-Wes, myndistrik Barkly-Wes, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, altesaam ongeveer 11 morg groot, geregistreer op naam van S. R. Law, soos op grond afgebaken en soos aangetoon op 'n kaart wat in die kantoor van die Mynkommissaris, Barkly-Wes, onder No. 95 bewaar word, hierby met ingang van die eerste dag na die publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant* as alluviale delwerye vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op ede die Twee-en-twintigste dag van Desember, Eenduisend negehonderd-en-vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. H. VILJOEN,
M.M. 147/11.

[No. 13. 1951.]

DIE VIR UITVOERDOELEINDES TOT LANDBOUPRODUK VERKLAAR EN DIE VEREISTES WAARAAN UIE WAT VIR UITVOER BESTEM IS MOET VOLDOEN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *twaalf* van die „Landbouwvoortbrengselen Uitvoer Wet, 1917" (Wet No. 35 van 1917), soos gewysig, verklaar ek hierby dat uie vir die toepassing van genoemde Wet en enige regulasies daaronder 'n landbouproduk (landbouwvoortbrengselen) is;

En, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van genoemde Wet, verklaar ek hierby verder dat uie wat bestem is vir uitvoer na ander lande as die wat in die bylae hiervan genoem word, aan die vereistes wat in genoemde Bylae uiteengesit is, moet voldoen.

[No. 12, 1951.]

Whereas by Proclamation No. 194 of 1888, certain portions of the farm Klipdam H.V. No. 81, Division of Barkly West, Mining District of Barkly West, Province of Cape of Good Hope, were proclaimed alluvial diggings for precious stones;

And whereas by Proclamation No. 29 of 1907, the area of the aforesaid diggings was more particularly defined and described and a certain portion withdrawn from the operation of Proclamation No. 194 of 1888;

And whereas by Proclamations Nos. 80 of 1913, 211 of 1920 and 88 of 1922, certain further portions of the said farm were withdrawn from the operation of Proclamations Nos. 194 of 1888 and 29 of 1907;

And whereas by Proclamation No. 236 of 1926, certain portions of the said farm withdrawn from the operation of Proclamations Nos. 194 of 1888 and 29 1907 by Proclamation No. 88 of 1922, were reproclaimed alluvial diggings for precious stones;

And whereas by Proclamation No. 56 of 1929, the farm Geluk, portion of the said farm Klipdam H.V. No. 81, was deproclaimed as an alluvial digging for precious stones;

And whereas it has now been found expedient to close and deproclaim as alluvial diggings for precious stones certain further portions of the said farm Klipdam H.V. No. 81;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *thirty* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I do hereby declare that certain portions of the farm Klipdam H.V. No. 81, Division of Barkly West, Mining District of Barkly West, Province of the Cape of Good Hope, together in extent approximately 11 morgen, registered in the name of S. R. Law, as demarcated by beacons on the ground and as shown on a plan filed in the office of the Mining Commissioner, Barkly West, under No. 95, shall be and are hereby closed and deproclaimed as alluvial diggings for precious stones as from the first day following on the publication of this proclamation in the *Government Gazette*.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-second day of December, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. H. VILJOEN,
M.M. 147/11.

[No. 13. 1951.]

ONIONS DECLARED AGRICULTURAL PRODUCE FOR EXPORT PURPOSES AND THE REQUIREMENTS TO WHICH ONIONS INTENDED FOR EXPORT SHALL CONFORM.

Under the powers vested in me by section *twelve* of the Agricultural Produce Export Act, 1917 (Act No. 35 of 1917), as amended, I do hereby declare onions to be agricultural produce for the purpose of the said Act and any regulations thereunder;

And, under the powers vested in me by section *five* of the said Act, I do hereby further declare that onions intended for export to countries other than those mentioned in the Schedule hereto shall conform with the requirements specified in the said Schedule.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Negentiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd-en-vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie
die Goewerneur-generaal-in-Rade.

S. P. LE ROUX.

BYLAE.

1. Uie wat bestem is vir uitvoer na ander lande en gebiede as die mandaatgebied van Suidwes-Afrika, die protektorate Basoetoland, Betsjoeanaland en Swasieland, Portugees-Oos-Afrika, Suid- en Noord-Rhodesië en die Belgiese Kongo, moet aan die volgende vereistes voldoen, hulle moet gesond, goed ryp, goed gevorm, stewig, skoon en droog wees; die bolle moet van dieselfde vorm en kleur wees, 'n goeie goedhouvermoë besit en vry van die volgende wees:—

(*a*) dubbel, diknek of uitgeloopte bolle;

(*b*) saadstengels, beskadiging (meganies of andersins veroorsaak) of deur ryp, insekte of siektes veroorsaak;

(*c*) grond, oortollige los skubblare of vreemde materiaal;

(*d*) bolle waarvan te veel skubblare verwyder is, of met wortels wat meer as ½ duim lank is;

(*e*) verrotting.

2. Uie word geag te voldoen aan die vereistes in klousule 1 gestel as—

(*a*) benewens dié wat verrot is, hoogstens 5 persent daarvan (bereken volgens gewig) afwyk van daardie vereistes; en

(*b*) hoogstens 1 persent, volgens gewig, daarvan verrot is.

NOTA.—Daar word aanbeveel dat net variëteite bekend as „Australian Brown", „Copper King" en „Cape Straw" vir uitvoer aangebied moet word.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Tow on this Nineteenth day of December, One thousand Nin hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

S. P. LE ROUX.

SCHEDULE.

1. Onions intended for export to countries and terri tories other than the mandated territory of South Wes Africa, the protectorates of Basutoland, Bechuanalan and Swaziland, Portuguese East Africa, Southern an Northern Rhodesia and the Belgian Congo shall conforr to the following requirements, viz. they must be sounc well matured, well shaped, firm, clean, dry, of the sam shape and colour and of good keeping quality and fre from the following, viz.—

(*a*) double, thick-neck or sprouted bulbs;

(*b*) seedstems, damage caused mechanically or othe wise, or by frost, insects or diseases; or

(*c*) soil, excessive loose outer leaves or foreign matte

(*d*) bulbs from which too many outer leaves have bee removed or bulbs with roots longer than ½ incl

(*e*) rot.

2. Onions shall be deemed to comply with the require ments prescribed in clause 1, if—

(*a*) excepting those which show rot, not more than per cent. thereof (calculated according to weigh deviate from the said requirements; and

(*b*) not more than one per cent. by weight thereof sho rot.

NOTE:—It is recommended that only the varieties know as "Australian Brown", "Copper King" and "Cap Straw" be offered for export.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 81.] [12 Januarie 1951.

Hierby word bekendgemaak dat ondergenoemde persoon ingevolge artikel *vier* van die Wet op Diplomatieke Immuniteit, No. 9 van 1932, geregistreer is as geregtig tot diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet:—

Die Gesantskap van die Nederlande.
Mnr. Albert de Wit.

✱ No. 82.] [12 Januarie 1951.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 358 van 17 Februarie 1950 word hierby bekendgemaak dat die registrasie van ondergenoemde persoon ingevolge artikel *vier* van die Wet op Diplomatieke Immuniteit, No. 9 van 1932, as geregtig tot diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet, ingetrek is:—

Die Koninklike Gesantskap van Egipte.
Mnr. Sami R. Simaika.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published fc general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 81.] [12 January 195

It is hereby notified that the following person has bee registered in terms of section *four* of the Diplomat Immunities Act, No. 9 of 1932, as being entitled diplomatic immunity under the said Act:—

The Legation of the Netherlands.
Mr. Albert de Wit.

✱ No. 82.] [12 January 195

With reference to Government Notice No. 358 of tl 17th February, 1950, it is hereby notified that the registr tion in terms of section *four* of the Diplomatic Immuniti Act, No. 9 of 1932, of the following person as bei entitled to diplomatic immunity under the said Act, h been cancelled:—

The Royal Legation of Egypt.
Mr. Sami R. Simaika.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 52.] [12 Januarie 1951.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 22ste dag van Desember 1950.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,335,264	6	7
Note in omloop	73,874,533	15	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	33,874,780	5	6
(*b*) Bankiers	60,929,343	19	2
(*c*) Andere	15,985,978	18	7
Wissels te betaal	—		
Ander laste	11,658,640	7	11
	£199,658,541	12	9

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons.) waarvan £12,310,918. 0s. 7d. buite die Unie gehou word	67,639,341	6	8
Pasmunt	286,622	16	6
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	1,056,260	5	6
(*b*) Buitelandse	89,986,378	6	4
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	6,031,146	4	9
Regeringsekuriteite	20,242,583	16	9
Ander Sekuriteite	225,074	0	0
Ander Bates	14,191,134	16	3
	£199,658,541	12	9

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 75·7 persent.

Geteken, die 29ste dag van Desember 1950.

L. J. COCKHEAD, Hoofkassier.

No. 52.] [12 January 1951.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 22nd day of December, 1950.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,335,264	6	7
Notes in Circulation	73,874,533	15	0
Deposits:			
(*a*) Government	33,874,780	5	6
(*b*) Bankers	60,929,343	19	2
(*c*) Other	15,985,978	18	7
Bills Payable	—		
Other Liabilities	11,658,640	7	11
	£199,658,541	12	9

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £12,310,918. 0s. 7d. held outside Union	67,639,341	6	8
Subsidiary Coin	286,622	16	6
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	1,056,260	5	6
(*b*) Foreign	89,986,378	6	4
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	6,031,146	4	9
Government Securities	20,242,583	16	9
Other Securities	225,074	0	0
Other Assets	14,191,134	16	3
	£199,658,541	12	9

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 75·7 per cent.

Signed, this 29th day of December, 1950.

L. J. COCKHEAD, Chief Cashier.

No. 59.] [12 Januarie 1951.

DOEANEWET, No. 35 VAN 1944.—WYSIGING VAN REGULASIES WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 625 VAN 16 APRIL 1945 BEKENDGEMAAK IS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Finansies, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *honderd twee-en-sestig* van die Doeane-Wet, No. 35 van 1944, onderstaande wysigings van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing No. 625 van 6 April 1945, soos gewysig, bekendgemaak is, met ingang van 1 Februarie 1951, aanbring:—

DEEL II.

Regulasie 7 (1).

(i) Vervang—

„By alle hawens en stasies, behalwe Germiston, Boksburg, Kimberley, Mafeking, Pietermaritzburg, Vaaldam en Brooklyn-lugstasie (Kaapstad)",

deur die volgende—

„By alle hawens behalwe Boksburg, Kimberley, Mafeking, Pietermaritzburg en Doeanelughawens".

No. 59.] [12 January 1951.

CUSTOMS ACT, No. 35 OF 1944.—AMENDMENT OF REGULATIONS PUBLISHED UNDER GOVERNMENT NOTICE No. 625 OF 16TH APRIL, 1945.

It is hereby notified for general information that the Minister of Finance, under the powers vested in him by section *one hundred and sixty-two* of the Customs Act, No. 35 of 1944, amends, with effect from the 1st February, 1951, the regulations published under Government Notice No. 625 of the 16th April, 1945, as amended, as follows:—

PART II.

Regulation 7 (1).

(i) Substitute for—

"For all ports and stations except Germiston, Boksburg, Kimberley, Mafeking, Pietermaritzburg, Vaaldam and Brooklyn Air Station (Cape Town)",

the following—

"For all ports except Boksburg, Kimberley, Mafeking, Pietermaritzburg and Customs Aerodromes".

(ii) Vervang in subparagraaf (*a*) „9 vm. tot 3 nm.;" deur „9 vm. tot 12.30 nm.;".

(iii) Vervang in subparagraaf (*c*) „7 vm. tot 5 nm.; Saterdag, 7 vm. tot 12-middag;" deur „7.20 vm. tot 5 nm.; Saterdag, 7.20 vm. tot 12-middag;".

Regulasie 7 (2).

Vervang hierdie regulasie deur die volgende nuwe regulasie:—

„(2) (*a*) *Boksburg:*—

Slegs Maandag, Woensdag en Vrydag, 8.30 vm. tot 9.30 vm.

Kimberley:—

Daagliks, 8.30 vm. tot 12.30 nm.

Mafeking:—

Daagliks, 9 vm. tot 11 vm.

Pietermaritzburg:—

Daagliks, 8.30 vm. tot 12.30 nm.

(*b*) *Doeanelughawens:*—

Rand-lughawe, militêre lughawe by Pietersburg en Palmietfontein:—

7.20 vm. tot 5 nm.; Saterdag, 7.20 vm. tot 12-middag.

OPMERKING.—Die aandag word gevestig op die bepalings van Goewermentskennisgewing No. 899 van 5 Junie 1944, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1259 van 9 Junie 1950, waarkragtens van loodse van lugvaartuie, wat klaring by doeanelughawens uitgesonderd Randlughawe en Palmietfontein verlang, vereis word dat hulle minstens twaalf uur kennis van die uur en datum van hul aankoms moet gee sodat reëlings vir die teenwoordigheid van die nodige amptenare getref kan word."

Regulasies 8, 9 *en* 10.

Skrap hierdie regulasies.

Regulasie 13.

Vervang hierdie regulasie deur die onderstaande nuwe regulasie:—

„13. Vir spesiale of ekstra dienste behalwe waar sulke dienste verskaf word ten opsigte van enige diens in paragraaf 12 vermeld, is die gelde 6s. vir elke amptenaar per uur of gedeelte daarvan."

Regulasies 14, 15 *en* 16.

Skrap hierdie regulasies.

Regulasie 17.

Skrap alle woorde wat na die woord „word" voorkom waar hierdie woord vir die tweede maal voorkom.

Regulasie 19.

Voeg die volgende subparagraaf aan hierdie regulasie toe, en nommer bestaande paragraaf subparagraaf (*a*):—

„(*b*) 'n Amptenaar mag nie, sonder genoegsame rede, weier om ekstra diens te doen nie wanneer hy deur die bevoegde amptenaar daartoe aangesê word."

Regulasies 20 *en* 21.

Skrap hierdie regulasies en die opskrif daarby.

DEEL III.

Regulasie 54.

Voeg die woorde „Suid-Rhodesië of" voor die woord „Noord-Rhodesië" in waar hierdie woord in subparagraaf (*a*) van hierdie regulasie voorkom.

Regulasie 77.

Voeg na die woord „hy" die volgende woorde in:—

„nie sorg dat die pakke binne die voormelde tydperk oopgemaak is nie of".

Doeanevorms S.44, S.45, S.46 en S.47.

Vervang Doeanevorms S.44, S.45, S.46 en S.47 wat in die Bylae van die kennisgewing voorkom, deur Doeanevorms S.44, S.45 S.46 en S.47 soos in die Bylae van hierdie kennisgewing gedruk.

(ii) Substitute in sub-paragraph (*a*) "9 a.m. to 12.30 p.m.;" for "9 a.m. to 3 p.m.;".

(iii) Substitute in sub-paragraph (*c*) "7.20 a.m. to 5 p.m.; Saturdays, 7.20 a.m. to 12 noon;" for "7 a.m. to 5 p.m.; Saturdays, 7 a.m. to 12 noon".

Regulation 7 (2).

Substitute for this regulation the following new regulation:—

"(2) (*a*) *Boksburg:*—

Mondays, Wednesdays and Fridays only, 8.30 a.m. to 9.30 a.m.

Kimberley:—

Daily, 8.30 a.m. to 12.30 p.m.

Mafeking:—

Daily, 9 a.m. to 11 a.m.

Pietermaritzburg:—

Daily, 8.30 a.m. to 12.30 p.m.

(*b*) *Customs Aerodromes:*—

Rand Airport, Pietersburg Military Aerodrome and Palmietfontein:—

7.20 a.m. to 5 p.m.; Saturdays, 7.20 a.m. to 12 noon.

NOTE.—Attention is invited to the provisions of Government Notice No. 899 of the 5th June, 1944, as amended by Government Notice No. 1259 of 9th June, 1950, whereby pilots of aircraft requiring clearance at customs aerodromes other than the Rand Airport and Palmietfontein, are required to give at least twelve hours' notice of the time and date of their arrival in order that arrangements may be made for the attendance of the necessary officers."

Regulations 8, 9 *and* 10.

Delete these regulations.

Regulation 13.

Substitute for this regulation the following new regulation:—

"13. The fee for special or extra attendance except when such attendance is given in respect of any of the services mentioned in regulation 12 shall be 6s. per officer per hour or part thereof."

Regulations 14, 15 *and* 16.

Delete these regulations.

Regulation 17.

Delete all words appearing after the word "revenue".

Regulation 19.

Add the following sub-paragraph to this regulation, the existing paragraph being designated sub-paragraph (*a*):—

"(*b*) An officer shall not, without sufficient cause, refuse to undertake extra attendance when called upon to do so by the proper officer."

Regulations 20 *and* 21.

Delete these regulations and the relative heading thereto.

PART III.

Regulation 54.

Insert the words "Southern Rhodesia or" before the words "Northern Rhodesia" where they occur in sub-paragraph (*a*) of this regulation.

Regulation 77.

Insert the following words after the word "he" where it occurs for the second time:—

"does not ensure that the packages are opened within the time aforementioned or".

Customs Forms S.44, S.45, S.46 and S.47.

Substitute for Customs Forms S.44, S.45, S.46 and S.47 appearing in the Schedule to the notice, Customs forms S.44, S.45, S.46 and S.47 as printed in the Schedule to this notice.

VORM A. KENNISGEWING. (1) Doeane S. 44.

VIR INGEVOERDE GOEDERE WAAROP REGTE BETAAL IS OF WAT VRY VAN REGTE IS.

(Mag nie gebruik word vir goedere in entrepôt wat verwyder word nie.)

Ingevoerde goedere wat verwyder is na en bestem is vir verbruik in (2)..... Ondervermelde ingevoerde goedere word verwyder van:—

AAN DIE KOMMISSARIS VAN DOEANE EN AKSYNS, POSBUS 376, PRETORIA.

Afsender..... Adres..... aan Geadresseerde..... Adres.....

Merke en nommers.	Getal en beskrywing van pakke.	Land van vervaardiging of produksie.	Kode No.	Beskrywing van goedere.	Tariefitem.	Netto hoeveelheid (gewig, getal of maat).	Verkoopprys of waarde v.a.b. by plek van versending.		
							£	s.	d.

Addisionele regte betaal per bewys No..... van..... (3) Totaal....£

Ek, die ondergetekende, ..., verklaar na my beste wete en oortuiging dat bogemelde besonderhede waar en juis is, en dat die goedere versend word vir verbruik in (2).....

Afsender.

Bogemelde goedere is afgelewer aan die.....
om per see/lug/spoor/pad vervoer te word geadresseer aan..... te.....

Gedateer te..... op die..... dag van..... 19.....

Doeane-amptenaar/Spoorwegbeampte/Karweier.

(1) As die goedere hierin beskryf per spoor versend word, moet hierdie vorm aan die spoorwegbeampte by die stasie van versending oorhandig word vir deursending aan die Kommissaris van Doeane en Aksyns, Posbus 376, Pretoria. As die goedere andersins versend word moet hierdie vorm regstreeks na bogemelde adres aan die Kommissaris gestuur word.
(2) Vul in Unie, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië of Suidwes-Afrika, na gelang van die geval.
(3) Alleen vir gebruik in die geval van versending na Suid-Rhodesië en Noord-Rhodesië, wanneer sodanige addisionele regte verskuldig is.

Datumstempel.	Hawe No.	Stats No.	No.

(Hierdie vorm moet 13½ duim by 8½ duim wees en moet met swart ink gedruk word.)

Doeane S. 44.

UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DUPLIKAAT.

N.B.—Hierdie vorm moet gehou word vir naslaandoeleindes in die Doeanekantoor van aanneming.

Datumstempel.	Hawe No.	No.

(Hierdie vorm moet 13½ duim by 8½ duim wees en moet op geelpapier met rooi ink gedruk word.)

Doeane S. 44.

UNIE VAN SUID-AFRIKA.

TRIPLIKAAT.

(Hierdie vorm moet nie uitgeskeur word nie.)

N.B.—Die boeke met hierdie vorms is verkrygbaar by die Kantoor van die Kommissaris van Doeane, Pretoria.

Datumstempel.	No.

(Hierdie vorm moet 13½ duim by 8½ duim wees en moet met swart ink gedruk word.)

FORM A.

NOTICE. (1)

Customs S. 44.

FOR IMPORTED DUTY-PAID OR FREE GOODS.

(Not to be used for goods removed in bond.)

Imported goods removed for consumption in (2)_____

To THE COMMISSIONER OF CUSTOMS AND EXCISE, P.O. BOX 376, PRETORIA.

The undermentioned imported goods are removed from:—

Consignor_____ Address_____ to Consignee_____ Address_____

Marks and Numbers.	Number and Description of Packages.	Country of Manufacture or Production.	Code No.	Description of Goods.	Tariff Item.	Net Quantities. (Weight, Tale or Gauge).	Selling Price or Value f.o.b. at Place of Despatch.		
							£	s.	d.

Additional duty paid by Voucher No._____ of_____ (3) Total...£

I, the undersigned,_____, declare to the best of my knowledge and belief that the above particulars are true and correct and that the goods are being despatched for consumption in (2)_____

Consignor.

The above-mentioned goods have been delivered to the_____ to be conveyed by sea/air/rail/road consigned to_____ at_____

Dated at_____ this_____ day of_____ 19_____

Customs Officer/Railway Official/Carrier.

(1) If the goods hereon described are forwarded by rail, this form is to be handed to the Railway official at the sending station for transmission to the Commissioner of Customs and Excise, P.O. Box 376, Pretoria. If the goods are otherwise despatched this form must be sent direct to the Commissioner at the above address.

(2) Insert Union, Southern Rhodesia, Northern Rhodesia or South West Africa, as the case may be.

(3) For use in the case of removal to Southern Rhodesia and Northern Rhodesia only when such additional duty is due.

(This form shall be of a size 13½ ins. by 8½ ins. and be printed in black ink.)

Date Stamp.	Port No.	Stats No.	No.

UNION OF SOUTH AFRICA.

Customs S. 44.

DUPLICATE.

N.B.—This form is to be retained for record purposes in the Customs Office of acceptance.

Date Stamp.	Port No.	No.

(This form shall be of a size 13½ ins. by 8½ ins. and be printed on yellow paper in red ink.)

UNION OF SOUTH AFRICA.

Customs S. 44.

TRIPLICATE.

(This form is not to be torn out.)

N.B.—These books of forms are to be obtained at the Office of the Commissioner of Customs and Excise, Pretoria.

Date Stamp.

(This form shall be of a size 13½ ins. by 8½ ins. and be printed in black ink.)

VORM B. Doeane S. 45.

ADVIESBRIEF AAN GEADRESSEERDE. (1)

VIR INGEVOERDE GOEDERE WAAROP REGTE BETAAL IS OF WAT VRY VAN REGTE IS.

(mag nie gebruik word vir goedere in entrepôt wat verwyder word nie.)

Ingevoerde goedere wat verwyder is na en bestem is vir verbruik in (2) .....

Afsender..... Adres..... aan Geadresseerde..... Adres.....

Merke en nommers.	Getal en beskrywing van pakke.	Land van vervaardiging of produksie.	Kode No.	Beskrywing van goedere.	Tariefitem.	Netto hoeveelhede (gewig, getal of maat).	Verkoopprys of waarde v.a.b. by plek van versending. £	s.	d.

Addisionele regte betaal per bewys No..... van.....(3) Totaal....£

Aan die geadresseerde: Ek,....., verklaar dat ek 'n kennisgewing aan die Kommissaris van Doeane en Aksyns, Pretoria, gestuur het omtrent die afsending van bogemelde goedere soos vereis deur die regulasies. Om aflewering van die goedere te verkry, moet hierdie vorm aan die doeane- of spoorwegowerheid by die plek van bestemming oorhandig word nadat onderstaande ingevul is.

Bogemelde goedere is afgelewer aan die .....

Afsender.

om per see/lug/spoor/pad vervoer te word geadresseer aan..... te.....

Gedateer te..... op die..... dag van..... 19.....

Verklaring deur geadresseerde. *Doeane-amptenaar/Spoorwegbeampte/Karweier.*

Bogemelde goedere is ontvang te.....

Geadresseerde.

(1) Hierdie vorm moet deur die afsender aan die geadresseerde gestuur word.

(2) Vul in Unie, Suidwes-Afrika, Suid-Rhodesië of Noord-Rhodesië na gelang van die geval.

(3) Alleen vir gebruik in geval van versendings na Suid-Rhodesië en Noord-Rhodesië, wanneer sodanige addisionele regte verskuldig is.

(Hierdie vorm moet 13½ duim by 8½ duim wees en moet met swart ink gedruk word.)

Datumstempel.

No.....

FORM B. Customs S. 45.

ADVICE TO CONSIGNEE. (1)
FOR IMPORTED DUTY-PAID OR FREE GOODS.

(Not to be used for goods removed in bond.)

Imported goods removed for consumption in (2) .....

Consignor ..... Address ..... to Consignee ..... Address .....

Marks and Numbers.	Number and Description of Packages.	Country of Manufacture or Production.	Code No.	Description of Goods.	Tariff Item.	Net Quantities. (Weight, Tale or Gauge).	Selling Price or Value f.o.b. at Place of Despatch.		
							£	s.	d.

Additional duty paid by Voucher No. ..... dated ..... (3) Total....£

To the Consignee: I, ..., declare that I have forwarded to the Commissioner of Customs and Excise, Pretoria, as required by the regulations, a notice of the despatch of the above-mentioned goods. In order to obtain delivery of the goods, this form must be presented to the customs or railway authorities at destination, after completion of the endorsement below.

The above-mentioned goods have been delivered to the .....

Consignor.

to be conveyed by sea/air/rail/road consigned to ..... at .....

1356	N. 329	Die Boeresake, Johannesburg	4/12/50
2066	N. 724	Cape Town Committee, Van Riebeeck Festival (1952), Cape Town	5/12/50
647	N. 190	F. Robb & Company, Limited, Cape Town	20/12/50

✱ No. 84.] [12 Januarie 1951.

PLAASLIK GEREGISTREERDE EFFEKTE.—VERLORE SERTIFIKATE.

Plaaslik Geregistreerde 3 Persent-effekte, 1969-70, Sertifikate Nos. 623 en 1854 en Plaaslik Geregistreerde 3½ Persent-effekte, 1955-65, Sertifikate Nos. 716 tot 726, ten gunste van „Rear Admiral" Maximilian John Ludwick Weston.

Plaaslik Geregistreerde 3 Persent-effekte, 1959-69, Sertifikaat No. 997 en Plaaslik Geregistreerde 3 Persent-effekte, 1958-68, Sertifikaat No. 4254, ten gunste van Maximilian John Ludwick Weston.

Aangesien by die Tesourie aansoek gedoen is om duplikate van bovermelde effektesertifikate wat verlore is of weggeraak het, word hierby bekendgemaak dat tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikate uitgereik sal word.

✱ No. 84.] [12 January 1951.

LOCAL REGISTERED STOCK.—LOST STOCK CERTIFICATES.

3 Per Cent. Local Registered Stock, 1960-70, Certificates Nos. 623 and 1854, and 3½ Per Cent. Local Registered Stock, 1955-65, Certificates Nos. 716 to 726, in favour of Rear Admiral Maximilian John Ludwick Weston.

3 Per Cent. Local Registered Stock, 1959-69, Certificate No. 997 and 3 Per Cent. Local Registered Stock, 1958-68, Certificate No. 4254, in favour of Maximilian John Ludwick Weston.

Application having been made to the Treasury for duplicates of the above-mentioned Certificates of Stock, the originals having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the originals be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, duplicates, as applied for, will be issued.

✱ No. 85.] [12 Januarie/*January* 1951.

VOORLOPIGE OPGAWE VAN SKEEPVAART, INVOERREGTE, WAARDES VAN DIE INVOER VAN DIE UNIE EN SUIDWES-AFRIKA EN DIE VERNAAMSTE EN ANDER UITVOER, VIR DIE MAAND NOVEMBER 1950, EN ELF MAANDE GEËINDIG NOVEMBER 1950 EN DIE OOREENSTEMMENDE SYFERS VIR DIE JAAR 1949.
***L.W.*—ALLE SYFERS BETREFFENDE STAAFGOUD DEURGAANS WEGGELAAT.**

PRELIMINARY STATEMENT SHOWING SHIPPING DUTIES, VALUES OF IMPORTS INTO THE UNION AND SOUTH WEST AFRICA AND THE PRINCIPAL AND OTHER EXPORTS, FOR THE MONTH OF NOVEMBER, 1950, AND THE ELEVEN MONTHS ENDING NOVEMBER, 1950, AND THE CORRESPONDING FIGURES FOR THE YEAR, 1949.
***N.B.*—ALL FIGURES RELATING TO GOLD BULLION EXCLUDED THROUGHOUT.**

	Maand November. *Month of November.*		Elf maande geëindig November. *Eleven Months ending November.*	
	1950.	1949.	1950.	1949.
SKEEPVAART OORSEE.—SHIPPING OVERSEAS.				
Bote ingeklaar—*Vessels entered*.....No.	258	223	2,151	1,972
Bote uitgeklaar—*Vessels cleared*.....No.	343	248	2,131	1,967
Lading geland—*Cargo landed*.....Tonne/*Tons*	663,938	520,143	5,668,837	6,596,515
Lading verskeep—*Cargo shipped*.....Tonne/*Tons*	269,646	309,142	3,320,868	3,430,605
INVOERREGTE.—IMPORT DUTIES.	£	£	£	£
Kaapstad—*Cape Town*.....	514,785	314,533	4,287,641	4,530,470
Port Elizabeth.....	321,337	204,472	2,674,376	3,408,000
Oos-Londen—*East London*.....	202,454	110,419	1,525,142	1,591,883
Durban.....	548,236	308,540	4,493,122	4,466,130
Johannesburg.....	408,711	143,342	2,398,093	2,527,534
Lourenco Marques.....	383,599	252,569	3,755,872	2,926,433
H.P.K.—*G.P.O.*.....	81,319	20,000	371,324	887,505
Ander hawens en stasies in die Unie—*Other Union Ports and Stations*.....	45,888	39,595	354,214	404,867
	2,506,329	1,393,470	19,859,784	20,742,822
Walvisbaai en Luderitz en H.P.K., Suidwes-Afrika—*Walvis Bay and Lüderitz and G.P.O., S.W.A.*.....	33,572	14,821	269,386	209,975
TOTAAL—TOTAL.....	£2,539,901	1,408,291	20,129,170	20,952,797
UNIE INVOER.—UNION IMPORTS.				
KOOPWARE.—MERCHANDISE.				
Kaapstad—*Cape Town*.....	5,521,984	3,018,647	49,409,889	51,524,828
Port Elizabeth.....	5,802,826	2,869,815	41,848,149	44,708,348
Oos-Londen—*East London*.....	2,515,904	1,119,007	17,964,756	19,565,083
Durban.....	9,675,925	6,164,386	81,758,844	85,928,726
Johannesburg.....	4,476,432	1,225,879	28,805,254	26,731,931
Lourenco Marques.....	1,569,809	973,226	12,796,707	12,491,365
H.P.K.—*G.P.O.*.....	886,035	800,979	8,865,269	12,864,515
Ander hawens en stasies in die Unie—*Other Unions Ports and Stations*.....	354,156	100,446	2,784,912	3,930,432
TOTAAL OORSEE—TOTAL OVERSEAS.....	30,803,071	16,272,385	244,233,780	257,745,228
Van N. Rhodesië—*From N. Rhodesia*.....	673,844	285,735	4,418,483	2,689,928
Van S. Rhodesië—*From S. Rhodesia*.....	615,717	373,795	5,864,395	*2,616,940
Van S.W.-Afrika—*From S.W. Africa*.....	578,832	491,124	5,213,272	3,503,105
TOTALE KOOPWARE—TOTAL MERCHANDISE.....	32,671,464	17,423,039	259,729,930	266,555,201
Spesie—*Specie*.....	—	450	23,974	50,404
Goewermentsvoorrade—*Government Stores*.....	1,112,747	2,482,324	19,223,182	29,295,970
GROOTTOTAAL INVOER—GRAND TOTAL IMPORTS.....	33,784,211	19,905,813	278,977,086	295,901,575
UNIE UITVOER—UNION EXPORTS.				
Suid-Afrikaanse Produkte—*South African Produce*—				
Verwerkte en halfverwerkte goud—*Semi-processed and processed gold*...	5,581,198	2,383,565	33,231,927	7,312,859
Diamante—*Diamonds*.....	2,741,571	691,693	19,117,056	9,150,402
Wol—*Wool*.....	11,410,822	4,415,972	49,949,064	29,674,851
Mielies—*Maize*.....	11,163	21,334	376,798	1,811,071
Huide en velle—*Hides and skins*.....	844,304	798,463	8,379,061	66,27,775
Wattelbas en ekstrak—*Wattle bark and extract*.....	267,899	379,897	3,913,582	4,634,669
Eiers, vars—*Eggs, fresh*.....	7,680	62,517	193,356	293,611
Vrugte, alle soorte—*Fruit, all kinds*.....	288,528	864,272	9,903,375	7,781,215
Suiker—*Sugar*.....	220,919	22,037	1,930,251	1,566,941
Koper, stawe en ru- (blister)—*Copper, bar and blister*.....	598,625	545,423	4,912,799	3,243,684
Steenkool—*Coal*.....	368,984	397,127	4,208,291	2,841,031
Ander—*Other*.....	6,575,025	4,259,718	57,488,305	42,918,859
Ingevoerde goedere weer uitgevoer—*Imported goods re-exported*.....	2,034,481	954,462	17,809,797	12,077,225
Bunker steenkool en skeepsvoorrade—*Bunker coal and ships' stores*....	509,685	512,875	5,712,103	5,272,000
TOTAAL—TOTAL.....	£31,460,884	16,309,355	217,125,765	135,206,193
†Spesie (sigwaarde)—*Specie (face value)*.....	2,120	1,360	53,439	40,440
‡GROOTTOTAAL UITVOER—GRAND TOTAL EXPORTS.....	£31,463,004	16,310,715	217,179,204	135,246,633
‡Sluit in Uitvoer—*Includes Exports*—				
Na Suidwes-Afrika—*To South West Africa*.....	1,098,477	870,329	9,637,568	8,495,232
Na Noord-Rhodesië—*To Northern Rhodesia*.....	734,835	613,990	6,818,678	5,701,169
Na Suid-Rhodesië—*To Southern Rhodesia*.....	2,066,685	1,574,689	17,886,896§	9,932,708
SUIDWES-AFRIKA INVOER.—SOUTH WEST AFRICA IMPORTS.				
Walvisbaai—*Walvis Bay*.....	250,099	166,084	2,098,724	1,618,301
Luderitz.....	22,953	886	151,669	169,646
TOTAAL OORSEE—TOTAL OVERSEAS.....	273,052	166,970	2,250,393	1,787,947
Van Unie van Suid-Afrika—*From Union of South Africa*.....	1,098,477	870,329	9,603,934	8,495,232
Van Suid- en Noord-Rhodesië—*From Southern and Northern Rhodesia*.....	7,118	2,890	54,161	14,052
GROOTTOTAAL—GRAND TOTAL.....	1,378,647	1,040,189	11,908,488	10,297,231

* Ingesluit met ander hawens en stasies in die Unie voor April 1949.—*Included with other Union Ports and Stations prior to April*, 1949.

† Sluit in spesie nie in Suid-Afrika geslaan nie.—*Includes specie not of South African minting.*

§ April–November 1949 alleen.—*April–November*, 1949, only.

SUIDWES-AFRIKA UITVOER.—SOUTH WEST AFRICA EXPORTS.	Maand November. *Month of November.*		Elf maande geëindig November. *Eleven Months ending November.*	
OORSEE.—OVERSEAS.	1950.	1949.	1950.	1949.
Diamante—*Diamonds*	541,564	281,488	5,303,600	2,895,243
Ander koopware—*Other merchandise*	1,581,028	312,353	9,486,743	7,112,210
TOTAAL OORSEE.—TOTAL OVERSEAS	2,122,592	593,841	14,790,343	10,017,453
Na die Unie van Suid-Afrika—*To Union of South Africa*	593,713	491,548	5,283,478	3,523,526
GROOTTOTAAL—GRAND TOTAL	2,716,305	1,085,389	20,073,821	13,540,979

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✱ No. 62.] [12 Januarie 1951.

MAGISTRAATSDISTRIK WARMBAD.—LYS VAN PLASE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*h*) van artikel *twee* van die Magistraatshowewet, 1944 (Wet No. 32 van 1944), wysig ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie, die lys van plase wat by Goewermentskennisgewing No. 1414 van 23 Junie 1950 gepubliseer is, as volg:—

(*a*) In die Engelse lesing, teenoor die plaasnaam Buisfontein (nuwe nommer 68), word die ou nommer van 1045 na 1046 verander;
(*b*) in die Afrikaanse en Engelse lesings, teenoor die plaasnaam Hartebeesvley (nuwe nommer 44), word die ou nommer van 1032 na 1332 verander;
(*c*) die naam van die plaas Knoppiesfontein (nuwe nommer 82) word verander na Knoppieskraal; en
(*d*) die name van die volgende plase en besonderhede daaromtrent word aan die end van die lys bygevoeg:—

Naam van Plaas.	Nuwe Nommer.	Ou Nommer.	Distrik.
Langkuil	249	1389	Waterberg.
Pienaarsrivierbrug	250	457	Pretoria.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

✱ No. 86.] [12 Januarie 1951.

WYSIGINGS VAN DIE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien* van die Politiewet, 1912 (Wet No. 14 van 1912), sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysigings van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie uitgevaardig in Goewermentskennisgewing No. 790 van 1932, soos gewysig:—

Regulasie 21 (3).—Skrap die woord „twaalf" in die voorlaaste reël en vervang dit deur „agtien".

Regulasie 32 (1).—Skrap in sy geheel en vervang deur:—

Geen blanke polisiebeampte, behalwe 'n offisier, mag trou nie, tensy—

(*a*) hy drie jaar bevredigende diens gelewer het en ten minste 21 jaar oud is, met dien verstande dat die Kommissaris, indien hy oortuig is dat die omstandighede buitengewoon is, toestemming tot die huwelik kan gee, selfs indien drie jaar diens nog nie voltooi is nie;

(*b*) die Kommissaris of die Adjunk-kommissaris onder wie se bevel die lid dien oortuig is van die geskiktheid van die vrou met wie hy wil trou;

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 62.] [12 January 1951.

MAGISTERIAL DISTRICT OF WARMBATHS.—LIST OF FARMS.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*h*) of section *two* of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice, vary the list of farms as published in Government Notice No. 1414, dated 23rd June, 1950, as follows:—

(*a*) In the English version opposite the name of the farm Buisfontein (new number 68) the old number 1045 is altered to 1046;
(*b*) in the Afrikaans and English versions opposite the name of the farm Hartebeesvley (new number 44) the old number 1032 is altered to 1332;
(*c*) the name of the farm Knoppiesfontein (new number 82) is altered to Knoppieskraal; and
(*d*) the names of the following farms and particulars thereanent are added at the end of the list:—

Name of Farm.	New Number.	Old Number.	District.
Langkuil	249	1389	Waterberg.
Pienaarsrivierbrug	250	457	Pretoria.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

✱ No. 86.] [12 January 1951.

AMENDMENT TO THE REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN POLICE.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by section *ten* of the Police Act, 1912 (Act No. 14 of 1912), to approve of the following amendments to the Regulations for the South African Police promulgated under Government Notice No. 790 of 1932, as amended:—

Regulation 21 (3).—Delete the word "twelve" in the last line and substitute "eighteen".

Regulation 32 (1).—Delete the whole and substitute:—

No European policeman, other than an Officer, may marry unless—

(*a*) he has completed three years' service with a good record and is at least 21 years of age, provided that the Commissioner may, when he is satisfied that exceptional circumstances exist, grant permission to marry notwithstanding that three years' service has not been completed;

(*b*) the Commissioner or the Deputy-Commissioner under whose command the member is serving is satisfied as to the suitability of the woman he desires to marry;

(*c*) hy, wanneer dit van hom verlang word, die Kommissaris oortuig dat sy finansiële toestand sodanig is dat hy in staat is om te trou sonder dat sy werk as polisiebeampte daaronder sal ly;

(*d*) hy skriftelike toestemming van die Kommissaris, of 'n Adjunk-kommissaris wat deur die Kommissaris daartoe gemagtig is, verkry het.

Aanhangsel D III.—Skrap in sy geheel en vervang deur:—

AANHANGSEL D III.

[Waarna in Regulasie No. 21 (1) verwys word.]

(*c*) if called upon to do so, he satisfies the Commissioner that his financial position is such that he is able to marry without detriment to his duties as a policeman;

(*d*) he has obtained in writing the permission of the Commissioner or, if delegated thereto by the Commissioner, or a Deputy-Commissioner.

Appendix D III.—Delete the whole and substitute:—

APPENDIX D III.

[Referred to in Regulation 21 (1).]

LYS VAN KLEDINGSTUKKE WAT DEUR POLISIEBEAMPTES BEHALWE OFFISIERE GEHOU MOET WORD.

	Blankes.							
	Berede.			Voet.				
	Hoofkonstabels.	O.Oe en konstabels.	Kosteloos aan rekrute uitgereik.	Hoofkonstabels.	O.Oe en konstabels.	Kosteloos aan rekrute uitgereik.	Orkes.	Duurtermyn van sulke artikels.
								Jare.
Onderskeidingstekens en knope	Soos nodig.							
Rangtekens	Soos uiteengesit in artikel 6, aanhangsel „D" 1.							
Sakke vir skoonmaak goed	—	—	1	—	—	1	—	2
Sakke vir helm	1	1	1	1	1	1	1	2
Grootsakke	1	1	1	1	1	1	1	5
Komberse	2	2	2	2	2	2	2	1½
Stewels, swart, paar	—	—	—	2	2	3	—	½
Stewels, bruin, paar	2	2	3	—	—	—	1	½
Knopeplaatjies	1	1	1	1	1	1	1	10
Rybroeke	1	2	2	—	—	—	—	½
Koperborsels	1	1	1	1	1	1	1	1
Kopergespes, 2 duim	2	2	2	2	2	2	2	½
Pet, blou, vir gewone manskappe	1	1	1	1	1	1	1	2
Pet, vaal	—	—	1	—	—	1	—	½
Jasse, Britse, militêre	1	1	1	—	—	—	1	5
Grootjasse vir voetpolisie	—	—	—	1	1	1	—	5
Reënjasse vir gewone manskappe	1	1	1	1	1	1	1	3
Baaikostuums	—	—	1	—	—	1	—	½
Oortreksels vir pette, vaal	1	1	1	—	—	—	1	½
Oortreksels vir pette, wit	—	—	—	2	—	—	—	½
Buise, blou, vir orkeslede	—	—	—	—	—	—	1	1
Kaphandskoene, paar	1	1	1	—	—	—	—	3
Handskoene, katoen, wit, paar	—	—	—	—	1	1	1	1
Handskoene, leer, bruin, paar	1	—	—	1	—	—	—	2
Helms, blou	—	—	—	—	1	1	—	2
Helms, bruin	1	1	1	—	—	—	—	2
Helms, wit	—	—	—	1	—	—	1	2
Baadjie, blou, vir hoofkonstabels	1	—	—	2	—	—	—	½
Baadjie, vaal, vir hoofkonstabels	1	—	—	—	—	—	—	½
Baadjie, blou, vir gewone manskappe	—	1	1	—	2	2	—	½
Baadjie, vaal, vir gewone manskappe	—	1	1	—	—	—	1	½
Gimnastiekbroekies	—	—	2	—	—	2	—	—
Kamaste, bruin, paar	1	1	1	—	—	—	—	3
Letters, geelkoper, S.A.P., paar	—	2	2	—	2	2	2	10
Letters, verguld, S.A.P., paar	2	—	—	2	—	—	—	10
Liere, in goudborduursel	—	—	—	—	—	—	1	5
Patrolliehemde	2	2	2	—	—	—	2	½
Patrolliehemde, vaste boordjies	—	—	3	—	—	2	—	—
Hemde, wit, vir gewone manskappe	1	1	1	2	2	3	1	½
Skoene, swart, paar	—	—	—	—	—	—	1	½
Seilskoene, paar	—	—	2	—	—	2	—	—
Kouse, paar	—	—	3	—	—	3	—	—
Prikkelspore, volledig, paar	1	1	1	—	—	—	—	10
Dasse, swart	1	1	1	2	2	1	—	½
Dasse, vaal	1	1	1	—	—	—	1	½
Broeke, blou	—	—	—	2	2	2	—	½
Broeke, blou, vir orkeslede	—	—	—	—	—	—	1	½
Broeke, vaal	1	1	1	—	—	—	1	½
Broeke, kakiedril	—	—	2	—	—	2	—	—
Frokkies, liggaamsoefening	—	—	3	—	—	3	—	—
UITRUSTINGSARTIKELS.								
Lyfbande, leer	—	—	1	—	—	1	—	—
Trommels, gegalvaniseerde yster, 36 duim	—	—	1	—	—	1	—	—
Hangslotte met twee sleutels	—	—	2	—	—	2	—	—
Skoenwaks, swart, blikkies	—	—	—	—	—	2	—	—
Skoenwaks, bruin, blikkies	—	—	4	—	—	—	—	—

Voetafdeling.—Indien nodig geag mag twee hemde, vaal, met vaste boordjie, en twee broeke, kakiedril, wat kosteloos aan blanke rekrute uitgereik word, deur twee oorpakke vervang word.

Berede-afdeling.—Indien nodig geag mag een hemp, vaal, met vaste boordjie, en twee broeke, kakiedril, wat kosteloos aan blanke rekrute uitgereik word deur twee oorpakke vervang word.

N.B.—Hierdie regulasies tree in werking vanaf 1 Januarie 1951.

SCHEDULE OF CLOTHING TO BE MAINTAINED BY POLICEMEN OTHER THAN COMMISSIONED OFFICERS.

	Europeans.							
	Mounted.			Foot.				
	Head Constables.	N.C.O's and Constables.	Free Issue to Recruits.	Head Constables.	N.C.O's and Constables.	Free Issue to Recruits.	Band.	Period such Items are Required to Last.
								Years.
Badges and buttons	As necessary.							
Badges of rank	As set out in Section 6, Appendix "D" 1.							
Bags, cleaning kit	—	—	1	—	—	1	—	2
Bags, helmet	1	1	1	1	1	1	1	2
Bags, kit	1	1	1	1	1	1	1	5
Blankets	2	2	2	2	2	2	2	1½
Boots, black, pairs	—	—	—	2	2	3	—	½
Boots, brown, pairs	2	2	3	—	—	—	1	½
Brasses, button	1	1	1	1	1	1	1	10
Breeches, riding	1	2	2	—	—	—	—	½
Brushes, brass	1	1	1	1	1	1	1	1
Buckles, brass, 2-inch	2	2	2	2	2	2	2	½
Caps, blue, R. and F.	1	1	1	1	1	1	1	2
Caps, drab	—	—	1	—	—	1	—	½
Coats, British, warm	1	1	1	—	—	—	1	5
Coats, great, F.P.	—	—	—	1	1	1	—	5
Coats, waterproof, R. and F.	1	1	1	1	1	1	1	3
Costumes, bathing	—	—	1	—	—	1	—	½
Covers, cap, drab	1	1	1	—	—	—	1	½
Covers, cap, white	—	—	—	2	—	—	—	½
Frocks, blue, bandsmen	—	—	—	—	—	—	1	1
Gauntlets, pairs	1	1	1	—	—	—	—	3
Gloves, cotton, white, pairs	—	—	—	—	1	1	1	1
Gloves, leather, brown, pairs	1	—	—	1	—	—	—	2
Helmets, blue	—	—	—	—	1	1	—	2
Helmets, brown	1	1	1	—	—	—	—	2
Helmets, white	—	—	—	1	—	—	1	2
Jackets, blue, head constables	1	—	—	2	—	—	—	½
Jackets, drab, head constables	1	—	—	—	—	—	—	½
Jackets, blue, R. and F.	—	1	1	—	2	2	—	½
Jackets, drab, R. and F.	—	1	1	—	—	—	1	½
Knickers, gymnasium	—	—	2	—	—	2	—	—
Leggings, brown, pairs	1	1	1	—	—	—	—	3
Letters, brass, S.A.P., pairs	—	2	2	—	2	2	2	10
Letters, gilt, S.A.P., pairs	2	—	—	2	—	—	—	10
Lyres, gold embroidered	—	—	—	—	—	—	1	5
Shirts, patrol	2	2	2	—	—	—	2	½
Shirts, patrol, fixed collar	—	—	3	—	—	2	—	—
Shirts, white, R. and F.	1	1	1	2	2	3	1	½
Shoes, black, pairs	—	—	—	—	—	—	1	½
Shoes, canvas, pairs	—	—	2	—	—	2	—	—
Socks, pairs	—	—	3	—	—	3	—	—
Spurs, jack, complete, pairs	1	1	1	—	—	—	—	10
Ties, black	1	1	1	2	2	1	—	½
Ties, drab	1	1	1	—	—	—	1	½
Trousers, blue	—	—	—	2	2	2	—	½
Trousers, blue, bandsmen	—	—	—	—	—	—	1	½
Trousers, drab	1	1	1	—	—	—	1	½
Trousers, khaki drill	—	—	2	—	—	2	—	—
Vests, gymnasium	—	—	3	—	—	3	—	—
ORDNANCE ITEMS.								
Belts, waist, leather	—	—	1	—	—	1	—	—
Boxes, I.G., 36-inch	—	—	1	—	—	1	—	—
Padlocks, with two keys	—	—	2	—	—	2	—	—
Polish, black, tins	—	—	—	—	—	2	—	—
Polish, brown, tins	—	—	4	—	—	—	—	—

Foot Branch.—Should it be deemed necessary, two overalls may be substituted for two shirts with a fixed collar and two trousers, khaki drill issued free to European recruits.

Mounted Branch.—Should it be deemed necessary, two overalls may be substituted for one shirt with fixed collar and two trousers, khaki drill, issued free to European recruits.

N.B.—This regulation will come into effect as from 1st January, 1951.

✱ No. 87.] [12 Januarie 1951.

PERIODIEKE HOF, SANNIESHOF.—INSTELLING VAN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*f*) van artikel *twee* van die Magistraatshowewet, 1944 (Wet No. 32 van 1944), wys ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie, met ingang van die datum van publikasie hiervan, Sannieshof, in die magistraatsdistrik Delareyville, Provinsie Transvaal, aan as 'n plek waar periodieke hofsittings gehou kan word en bepaal ek dat die plaaslike grense waarbinne sodanige periodieke hof regsbevoegdheid het, is soos in die Bylae van hierdie kennisgewing omskryf.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

✱ No. 87.] [12 January 1951.

PERIODICAL COURT, SANNIESHOF.—ESTABLISHMENT OF.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*f*) of section *two* of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice, with effect from the date of publication hereof, appoint Sannieshof, in the Magisterial District of Delareyville, Province of the Transvaal, as a place for the holding of a periodical court, and prescribe that the local limits within which such periodical court shall have jurisdiction shall be as defined in the Schedule to this notice.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

BYLAE.

PLAASLIKE GRENSE WAARBINNE DIE PERIODIEKE HOF OP SANNIESHOF, IN DIE DISTRIK DELAREYVILLE, REGSBEVOEGDHEID HET.

Die grens begin by die noordelikste baken van die plaas Groenwal No. 341, magistraatsdistrik Lichtenburg; daarvandaan loop dit algemeen suidooswaarts langs die grense van en insluitende die volgende plase: Groenwal No. 341, Naauwpoort No. 340, Uitkyk No. 358, Mooifontein No. 342, Lombaardslaagte No. 290, Springbokfontein No. 2, magistraatsdistrik Delareyville, Schoongezicht No. 3, Taaiboschpan No. 12, Klein Uitschot No. 15, Valeiplaats No. 17, Platvalei No. 18, Leeuwkuil No. 60 en Disselboompan No. 62 tot by die oostelikste baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan algemeen suidweswaarts langs die grense van en insluitende die volgende plase: Disselboompan No. 62, Wesselsdal No. 64, Palmietkuil No. 65 en Tweebosch No. 67 tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan algemeen noordweswaarts langs die grense van en insluitende die volgende plase: Tweebosch No. 67, Leeuwkuil No. 56, Ruigtevly No. 55, Doornbult No. 54, Klippan No. 21, Klippan No. 11 en Witpan No. 6, tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan noordweswaarts langs die grense van en insluitende die volgende plase: Doornlaagte No. 322, magistraatsdistrik Lichtenburg, Mooipan No. 310, Weltevreden No. 292, Siberia No. 357 en Louisdal No. 387 tot by die westelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan algemeen noordooswaarts langs die grense van en insluitende die volgende plase: Louisdal No. 387, Goedgevonden No. 370, Sambalbroek No. 297, Naauwpoort No. 340 en Groenwal No. 341 tot by die noordelikste baken van laasgenoemde plaas, nl. die beginpunt.

SCHEDULE.

LOCAL LIMITS WITHIN WHICH THE PERIODICAL COURT AT SANNIESHOF, IN THE DISTRICT OF DELAREYVILLE, SHALL HAVE JURISDICTION.

Beginning at the most northern beacon of the farm Groenwal No. 341, Lichtenburg Magisterial District; proceeding thence generally south-eastwards along the boundaries of and including the following farms: Groenwal No. 341, Naauwpoort No. 340, Uitkyk No. 358, Mooifontein No. 342, Lombaardslaagte No. 290, Springbokfontein No. 2, Delareyville Magisterial District, Schoongezicht No. 3, Taaiboschpan No. 12, Klein Uitschot No. 15, Valeiplaats No. 17, Platvalei No. 18, Leeuwkuil No. 60 and Disselboompan No. 62 to the most eastern beacon of the last-named farm; thence generally south-westwards along the boundaries of and including the following farms: Disselboompan No. 62, Wesselsdal No. 64, Palmietkuil No. 65 and Tweebosch No. 67 to the south-western beacon of the last-named farm; thence generally north-westwards along the boundaries of and including the following farms: Tweebosch No. 67, Leeuwkuil No. 56, Ruigtevly No. 55, Doornbult No. 54, Klippan No. 21, Klippan No. 11 and Witpan No. 6 to the south-western beacon of the last-named farm; thence continuing north-westwards along the boundaries of and including the following farms: Doornlaagte No. 322, Lichtenburg Magisterial District, Mooipan No. 310, Weltevreden No. 292, Siberia No. 357 and Louisdal No. 387 to the most western beacon of the last-named farm; thence generally north-eastwards along the boundaries of and including the following farms: Louisdal No. 387, Goedgevonden No. 370, Sambalbroek No. 297, Naauwpoort No. 340 and Groenwal No. 341 to the most northern beacon of the last-named farm, the place of beginning.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

✱ No. 63.] [12 Januarie 1951.

AANSOEKE OM BRANDMERKE.—KAAPPROVINSIE.

Hierby word, ooreenkomstig die „Brand Registration Acts", No. 12 van 1890 en No. 4 van 1897 (Kaap die Goeie Hoop), bekendgemaak dat onderstaande aansoeke om registrasie ontvang is:—

No. *No.*	Naam. *Name.*	Woonplek en Adres. *Residence and Address.*	Distrik. *District.*	Brandmerk. *Brand.*
5349	Landgoed Noord Oranje No. 1	Winstead en/*and* Tsebe	Hay	h
5350	Boshoff, G. S. P. W.	De Brak, Pk./*P.O.* van Zyl's Rust	Kuruman	NO / O I
5351	Strauss, Hermias Cornelis	Ps./*P.B.* Modabing, oor/*via* Kuruman	Kuruman	9 / O I
5352	Motoung, David	Bathlaros, Kuruman	Kuruman	S3 / O I
5353	Le Roux, Jacob Johannes	Vaalpan, Ps./*P.B.* Carlmeyer, oor/*via* Vryburg	Mafeking	DM / ⌀
5354	Moolman, Christiaan Lodewikus	Vaalpan, Ps./*P.B.* Carlmeyer, oor/*via* Vryburg	Mafeking	R 6 / ⌀
5355	Brawn, Ellis	Posbus/*P.O. Box* 143, Uitenhage	Uitenhage	C Z / O
5356	Marwana, Willie	Pukastraat/*Street* 25, Kabah Location	Uitenhage	B / O
5357	Aldrich, Paul Jacobus	Ps./*P.B.* Tennant, oor/*via* Mafeking	Vryburg	WM / >
5358	Dannhauser, George Nicolaas	Bray, Pk./*P.O.* Kirstonia	Vryburg	1A / >
5359	Eloff, Sarel Johannes	Richmond, Pk./*P.O.* Kirstonia	Vryburg	1D / >
5360	Engelbrecht, Andreas	Ps./*P.B.* Terra Firma, oor/*via* Vryburg	Vryburg	SE / >
5361	Maree, David Andries	Vorstershoop	Vryburg	AE / >
5362	Stirk, Southey Claude	Posbus/*P.O. Box* 126, Vryburg	Vryburg	DA / >
5363	Strydom, Carel Petrus Johannes	Donkerhoek, Ps./*P.B.* Noordplaas, oor/*via* Vryburg	Vryburg	SY / > / CS
5364	Visser, Floris Sarel	Wilzeman, Terra Firma, Vryburg	Vryburg	> / F 2

DEPARTMENT OF AGRICULTURE

✱ No. 63.] [12 January 1951.

APPLICATION FOR BRANDS.—CAPE PROVINCE.

It is hereby notified, in terms of Brands Registration Acts, No. 12 of 1890 and No. 4 of 1897 (Cape of Good Hope), that the undermentioned applications for the registration of brands have been received:—

✱ No. 64.] [12 Januarie 1951.

AANSOEKE OM BRANDMERKE, KAAPPROVINSIE.—WYSIGING.

Die besonderhede met betrekking tot brandmerke Nos. 5345 en 5346 soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 2706 van 3 November 1950 word hierby gewysig om as volg te lees:—

No. *No.*	Naam. *Name.*	Woonplek en Adres. *Residence and Address.*	Distrik. *Distrik.*	Brandmerk. *Brand.*
5354	Moorcroft, H. R.	Hopefield Sentraal/*Central*	Queenstown	F M 8 > ®
5346	Heckroodt, Willem	Rochelle, Ps./*P.B.* Stoffelshoek, oor/*via* Vryburg	Vryburg	

12-19-26

✱ No. 64.] [12 January 1951.

APPLICATIONS FOR BRANDS, CAPE PROVINCE.—CORRECTIONS.

The particulars in respect of brands Nos. 5345 and 5346 as published in Government Notice No. 2706 of the 3rd November, 1950, are hereby amended to read as follows:—

No. *No.*	Naam. *Name.*	Woonplek en Adres. *Residence and Address.*	Distrik. *Distrik.*	Brandmerk. *Brand.*
5354	Moorcroft, H. R.	Hopefield Sentraal/*Central*	Queenstown	F M 8 > ®
5346	Heckroodt, Willem	Rochelle, Ps./*P.B.* Stoffelshoek, oor/*via* Vryburg	Vryburg	

12-19-26

✱ No. 65.] [12 Januarie 1951.

HEFFING OP DROËVRUGTE EN NEUTE.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Droëvrugteraad, ingestel ingevolge artikel 2 van die Suid-Afrikaanse Droëvrugteskema, gepubliseer by Proklamasie No. 332 van 1949, kragtens artikel 16 van daardie Skema en met my goedkeuring, 'n heffing van agt pennies per honderd pond netto-gewig op droëvrugte en neute opgelê het.

En ek maak verder bekend dat genoemde heffing op die datum van publikasie hiervan, ter vervanging van die heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 101 van 20 Januarie 1950, van krag word.

LET WEL.—Die heffing op neute word per honderd pond ongedopte neute bereken.

S. P. LE ROUX,
Minister van Landbou.

✱ No. 65.] [12 January 1951.

LEVY ON DRIED FRUIT AND NUTS.

In terms of sub-section (1) of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I, STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister of Agriculture, hereby make known that the Dried Fruit Board, established in terms of section 2 of the South African Dried Fruit Scheme, published by Proclamation No. 332 of 1949, has, in terms of section 16 of that Scheme and with my approval, imposed a levy of eightpence per hundred pound net weight on dried fruit and nuts.

And I do further make known that the said levy shall come into operation on the date of publication hereof in substitution for the levy made known by Government Notice No. 101 of 20th January, 1950.

NOTE.—The levy on nuts shall be calculated per hundred pounds unshelled nuts.

S. P. LE ROUX,
Minister of Agriculture.

✱ No. 98.] [12 Januarie 1951.

UITVOER VAN UIE.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses* van die Landbouwvoortbrengselen Uitvoer Wet, 1917 (Wet No. 35 van 1917), soos gewysig, die volgende regulasies aangaande uie wat vir uitvoer bestem is, gemaak:—

TOEPASSING.

1. Hierdie regulasies is nie van toepassing op uie wat bestem is vir uitvoer na die mandaatgebied van Suidwes-Afrika, die protektorate Basoetoland, Betsjoeanaland en Swasieland, Portugees-Oos-Afrika, Suid- en Noord-Rhodesië en die Belgiese Kongo nie.

KENNISGEWING.

2. (*a*) Elkeen wat voornemens is om uie uit te voer, moet minstens 48 uur voordat die uie gelaai word die Verantwoordelike Beampte, Afdeling Ekonomie en Marke te Kaapstad, Durban, Port Elizabeth of Oos-Londen, al na die geval, daarvan in kennis stel.

(*b*) Op die kennisgewing moet verskyn—

(i) die naam en adres van die uitvoerder;
(ii) die naam en adres van die afsender;
(iii) tipe voorgeskrewe houer waarin uie verpak is; en
(iv) die getal houers en gewig van elkeen.

AFLEWERING.

3. Uie wat vir uitvoer bestem is moet minstens 48 uur voordat dit gelaai word, vir inspeksie by die plek van verskeping afgelewer word.

✱ No. 98.] [12 January 1951.

EXPORT OF ONIONS.

His Excellency the Governor-General has, under the powers vested in him by section *six* of the Agricultural Produce Export Act, 1917 (Act No. 35 of 1917), as amended, made the following regulations relating to onions intended for export:—

APPLICATION.

1. These regulations shall not apply to onions intended for export to the mandated territory of South West Africa, the protectorates of Basutoland, Bechuanaland and Swaziland, Portuguese East Africa, Southern and Northern Rhodesia and the Belgian Congo.

NOTICE.

2. (*a*) Every person intending to export onions shall at least 48 hours before loading the onions notify the Responsible Officer, Division of Economics and Markets at Cape Town, Durban, Port Elizabeth or East London, as the case may be, thereof.

(*b*) The notice shall indicate—

(i) the name and address of the exporter;
(ii) the name and address of the consignor;
(iii) type of prescribed container in which onions are packed; and
(iv) number of containers and the weight of each one.

DELIVERY.

3. Onions intended for export shall be delivered for inspection at the place of shipment at least 48 hours prior to loading.

INSPEKSIE.

4. (*a*) Uie wat vir uitvoer bestem is, word by die plek van uitvoer geïnspekteer, en na sodanige inspeksie word 'n sertifikaat aan die afsender uitgereik ten opsigte van elke besending uie wat geïnspekteer en goedgekeur is.

(*b*) Minstens drie persent van 'n besending van 100 of meer houers, en minstens vyf persent van 'n besending van minder as 100 houers word vir inspeksie oopgemaak en ondersoek.

(*c*) Vir doeleindes van inspeksie mag van die uie uitgehaal en stukkendgesny word.

OMSTANDIGHEDE EN VOORWAARDES WAARONDER UIE WAT GEÏNSPEKTEER OF GEGRADEER IS VAN UITVOER ONTTREK KAN WORD.

5. (*a*) Uie wat nie voldoen aan die vereistes wat aan uie wat vir uitvoer na ander lande bestem is, gestel word, of wat nie aan die bepalings van hierdie regulasies voldoen nie, word afgekeur en van uitvoer onttrek en moet binne 'n tydperk van 48 uur na afkeuring deur die eienaar of sy verteenwoordiger van die plek van inspeksie verwyder word; met dien verstande dat Sondae en vakansiedae nie by die bepaling van hierdie tydperk in aanmerking geneem word nie.

(*b*) Houers wat foutief gemerk is, word afgekeur, en kan vir 'n redelike tydperk teruggehou word, totdat die uitvoerder of sy verteenwoordiger die houers behoorlik gemerk het.

VERPAKKING.

6. (1) Uie wat vir uitvoer bestem is, moet in skoon houers van een of ander van die volgende tipes verpak word:—

(*a*) *Sakkies* (*oop-maas en van katoen vervaardig*), met 'n netto gewig van minstens 29 lb. ten tye van die inspeksie.

(*b*) *Houtkratte*, sonder middelstuk, met 'n netto gewig van minstens 58 lb. ten tye van die inspeksie.

(2) (*a*) Sakkies moet toegewerk en nie toegebind word nie.

(*b*) Kratte moet stewig aanmekaar getimmer wees, en moet versterk wees met twee drade of hoepels wat hoogstens 2 duim van elke end styf om die krat getrek is.

(*c*) Kratte moet aan die volgende vereistes voldoen:—
Lengte 18¼ dm., breedte 14 dm., diepte 13 dm. en moet bestaan uit:—

4 Driehoekige hoekstukke: 13 dm. by 1¾ dm. by 1¾ dm.
4 Kopstuk-planke: 14 dm. by 2¾ dm. by 11/16 dm.
4 Kopstuk- middelplanke: 14 dm. by 2¾ dm. by 5/16 dm.
4 Syplanke: 18¼ dm. by 2¾ dm. by 5/16 dm.
4 Syplanke: 17½ dm. by 2¾ dm. by 5/16 dm.
8 Deksel- en boomplanke: 18¼ dm. by 3 dm. by 5/16 dm.

(*d*) Om te verseker dat houers ten tye van inspeksie nie ondergewig is nie, moet daar genoeg uie in die houers verpak word om voorsorg te maak vir moontlike verlies in gewig gedurende vervoer.

MERK VAN HOUERS.

7. Op elke houer moet die volgende duidelik en leesbaar aangebring word:—

(*a*) Die naam en adres van die produsent of verpakker of uitvoerder.

(*b*) Die grootte-groep van die uie, b.v. „Ekstra Groot", „Groot" of „Middelslag".

(*c*) Die naam en adres van die ontvanger, of sy verskepingsmerk.

(i) In die geval van kratte op een end daarvan in drukletters van minstens ½ dm. hoog; en
(ii) in die geval van sakkies op 'n etiket wat aan die sakkie vasgebind is, in drukletters van minstens 3/16 dm. hoog.

INSPECTION.

4. (*a*) Onions intended for export shall be subject to inspection at the place of export, and after such inspection a certificate will be issued to the consignor in respect of each consignment of onions which has been inspected and approved.

(*b*) At least three per cent. of a consignment consisting of 100 or more containers, and at least five per cent. of a consignment consisting of less than 100 containers shall be opened for inspection and be examined.

(*c*) For purposes of inspection onions may be removed and cut.

CIRCUMSTANCES UNDER AND CONDITIONS ON WHICH ONIONS INSPECTED OR GRADED MAY BE WITHDRAWN FROM EXPORT.

5. (*a*) Onions not conforming to the requirements prescribed for onions intended for export to other countries or which do not comply with the requirements of these regulations shall be rejected and withdrawn from export, and must be removed within a period of 48 hours after rejection, by the owner or his representative, from the place of inspection, provided that Sundays and holidays shall not be taken into consideration when determining such period.

(*b*) Containers which are incorrectly marked shall be rejected, and held back for a reasonable time until the owner or his representative has effected the correct markings.

PACKING.

6. (1) Onions intended for export shall be packed in clean containers of one or other of the following types:—

(*a*) *Pockets* (*open mesh, made of cotton*), with a net weight of at least 29 lbs, at the time of inspection;
(*b*) *wooden crates*, without a centre-piece, and with a net weight of at least 58 lbs. at the time of inspection.

(2) (*a*) Pockets shall be closed by sewing and not by tieing.

(*b*) Crates shall be strongly assembled, and shall be reinforced with two wires or strapping-irons tightly bound around the crate not more than two inches from both ends.

(*c*) Crates shall conform to the following requirements:—

Length 18¼ in., width 14 in., depth 13 in. and shall consist of the following:—

4 Triangular corner battens: 13 in. by 1¾ in. by 1¾ in.
4 End rails: 14 in. by 2¾ in. by 11/16 in.
4 End panels: 14 in. by 2¾ in. by 5/16 in.
4 Sides: 18¼ in. by 2¾ in. by 5/16 in.
4 Sides: 17½ in. by 2¾ in. by 5/16 in.
8 Tops and bottoms: 18¼ in. by 3 in. by 5/16 in.

(*d*) To ensure that containers comply with the prescribed minimum weights when inspected sufficient onions should be placed in the containers to allow for possible loss of weight during transport.

MARKING OF CONTAINERS.

7. Every container shall be clearly and legibly marked with—

(*a*) the name and address of the producer or packer or exporter;

(*b*) the size group of the onions, e.g. "Extra Large", "Large" or "Medium";

(*c*) the name and address of the receiver or his shipping mark.

(i) In the case of crates on one end thereof in letters of at least ½ inch in height; and
(ii) in the case of pockets on a label attached to the pocket in printed letters of at least 3/16 in. in height.

VASSTEL VAN GRADE.

8. (1) Uie wat vir uitvoer bestem is, moet volgens onderstaande groottes gegradeer en verpak word:—

(*a*) *Ekstra groot*: Waar elkeen van die bolle minstens 3½ duim of groter in deursnee is;

(*b*) *groot*: Waarvan elkeen van die bolle minstens 2½ duim maar kleiner as 3½ duim in deursnee is;

(*c*) *middelslag*: Waar elkeen van die bolle minstens 1½ duim maar kleiner as 2½ duim in deursnee is.

(2) Uie wat by 'n besondere grootte ingesluit word, mag hoogstens ¼ duim kleiner as die minimum of ¼ duim groter as die maksimum deursnee wat vir daardie grootte voorgeskryf is, wees, en verder mag hoogstens 5 persent van die bolle, volgens gewig bereken, die perke wat deur hierdie toegewing gestel word, oorskry.

✱ No. 99.] [12 Januarie 1951.

PLUIMVEETENTOONSTELLINGS EN EIERLÊWEDSTRYDE.—HERROEPING VAN VERBODBEPALINGS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sestien* van die Veeziekten Wet, 1911 (Wet No. 14 van 1911), soos gewysig, die verbodsbepalings voorgeskryf by Goewermentskennisgewing No. 145 van 20 Januarie 1950 herroep het.

✱ No. 100.] [12 Januarie 1951.

VEESIEKTEREGULASIES.—BEPALING VAN GEBIED.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by regulasies 1 en 4 van die regulasies opgestel ingevolge artikel *drie-en-twintig* van die Veeziekten Wet, 1911 (Wet No. 14 van 1911), soos gewysig, en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1782 van 12 Desember 1941, soos gewysig, bepaal het dat die gebied omskryf in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2568 van 20 Oktober 1950 'n gebied is waarop die bepalings van genoemde regulasies ten opsigte van honde van toepassing is.

Goewermentskennisgewing No. 3095 van 15 Desember 1950 word hierby ingetrek.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

✱ No. 74.] [12 Januarie 1951.

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—TOEPASSING DEUR PLAASLIKE BESTURE.

Die Minister van Gesondheid wysig, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *drie-en-veertig* van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929, en op die versoek kragtens subartikel (3) van artikel *twee* van genoemde Wet, van die Gesondheidskomitee van Vanderbijl Park, Goewermentskennisgewing No. 295 van 26 Februarie 1937 deur die volgende by te voeg by die lys van plaaslike besture wat by genoemde kennisgewing gepubliseer is:—

Naam van plaaslike bestuur.	*Getal monsters.*
Gesondheidskomitee van Vanderbijl Park	40

FIXING OF GRADES.

8. (1) Onions intended for export shall be graded and packed according to the following sizes:—

(*a*) *Extra large*.—If each bulb is at least 3½ inches in diameter;

(*b*) *large*: If each bulb is at least 2½ inches in diameter but smaller than 3½ inches; and

(*c*) *medium*: If each bulb is at least 1½ inches in diameter but smaller than 2½ inches.

8. (2) Onions included under a particular size may at most be ¼ in. smaller than the minimum or ¼ in. larger than the maximum diameter prescribed for such size, and in addition not more than 5 per cent. of such onions, according to weight, may exceed the limits allowed by this concession.

✱ No. 99.] [12 January 1951.

POULTRY SHOWS AND EGG-LAYING COMPETITIONS.—REPEAL OF PROHIBITIONS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section *sixteen* of the Diseases of Stock Act, 1911 (Act No. 14 of 1911), as amended, repealed the prohibitions imposed by Government Notice No. 145 of the 20th January, 1950.

✱ No. 100.] [12 January 1951.

DISEASES OF STOCK REGULATIONS.—DETERMINATION OF AREA.

It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by regulations 1 and 4 of the regulations made under section *twenty-three* of the Diseases of Stock Act, 1911 (Act No. 14 of 1911), as amended, and published by Government Notice No. 1782 of the 12th December, 1941, as amended, determined that the area described in the Schedule to Government Notice No. 2568 of the 20th October, 1950, shall be an area in which the provisions of the said regulations shall apply in respect of dogs.

Government Notice No. 3095 of the 15th December, 1950, is hereby repealed.

DEPARTMENT OF HEALTH.

✱ No. 74.] [12 January 1951.

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—ENFORCEMENT BY LOCAL AUTHORITIES.

The Minister of Health in the exercise of the powers conferred upon him by sub-section (2) of section *forty-three* of the Food, Drugs and Disinfectants Act, No. 13 of 1929, at the request of the Vanderbijl Park Health Committee, under sub-section (3) of section *two* of the said Act, hereby amends Government Notice No. 295 of the 26th February, 1937, by the addition of the following to the list of local authorities published thereunder:—

Name of Local Authority	*No. of Samples.*
Vanderbijl Park Health Committee	40

✱ No. 92.] [12 Januarie 1951.

DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE BEHANDELING VAN SAKE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op Verpleegsters, 1944 (Wet No. 45 van 1944), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die Regulasies betreffende die Behandeling van Sake van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad, wat deur genoemde Raad kragtens genoemde artikel van die Wet opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 1434 van 12 Julie 1946, soos gewysig by Kennisgewings Nos. 1588 van 26 Julie 1946 en 2447 van 21 November 1947, gepubliseer is, deur—

(*a*) in regulasie 20 die woorde „ Bestaande uit sewe lede waarvan minstens drie verpleegsters en een 'n vroedvrou is, met die voorsitter ampshalwe " deur die woorde „ Bestaande uit sewe lede van wie minstens drie verpleegsters is, een 'n vroedvrou, en een 'n geneesheer wat gekies word uit die lede van die Raad wat kragtens paragrawe (*a*), (*b*), (*d*) en (*e*) van subartikel (1) van artikel *drie* van die Wet aangestel is, met die voorsitter ampshalwe." te vervang; en

(*b*) die byvoeging na regulasie 20 van die volgende regulasie:—

„ 20 *bis*. Die Uitvoerende Komitee is gemagtig om 'n dissiplinêre komitee aan te stel vir die doel om 'n ondersoek te hou as hy van mening is dat so'n ondersoek voor 'n dissiplinêre komitee gehou moet word. Die dissiplinêre komitee bestaan uit minstens drie lede van die Raad."

✱ No. 92.] [12 January 1951.

SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.

AMENDMENT OF THE REGULATIONS FOR THE CONDUCT OF BUSINESS OF THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (2) of section *four* of the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), has approved of the amendment of the Regulations for the Conduct of Business of the South African Nursing Council, made by the said Council under the said section of the Act, and published under Government Notice No. 1434 of the 12th July, 1946, as amended by Notices Nos. 1588 of the 26th July, 1946 and 2447 of the 21st November, 1947, by—

(*a*) the substitution, in regulation 20, for the words " Consisting of seven members of which at least three shall be nurses and one a midwife, with the Chairman *ex officio* " of the words " Consisting of seven members of which at least three shall be nurses, one shall be a midwife, and one shall be a medical practitioner selected from among the members of the Council appointed in terms of paragraphs (*a*), (*b*), (*d*) and (*e*) of sub-section (1) of section *three* of the Act, with the Chairman *ex officio*."; and

(*b*) the addition of the following regulation after regulation 20:—

" 20 *bis*. The Executive Committee is empowered to appoint a disciplinary committee for the purpose of holding an enquiry, if it considers that such an enquiry should be held before a disciplinary committee. The disciplinary committee shall consist of at least three members of the Council."

✱ No. 93.] [12 Januarie 1951.

DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMINEER VAN VROEDVROUE, UITGEVAARDIG INGEVOLGE ARTIKEL *VIER* VAN WET No. 45 VAN 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 12 VAN 1946.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op Verpleegsters, 1944 (Wet No. 45 van 1944), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die Regulasies vir die Opleiding en Eksamineer van Vroedvroue, wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad ingevolge subartikel (1) van genoemde artikel van genoemde Wet, soos gewysig, opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 676 van 8 April 1949, soos gewysig by Kennisgewings Nos. 533 van 10 Maart 1950 en 1925 van 11 Augustus 1950, deur—

(*a*) paragraaf (*a*) van regulasie 2 deur die onderstaande te vervang:—

„ (*a*) sy 'n sertifikaat van algemene skoolopleiding voorlê wat minstens gelykstaande is aan 'n standerd sewe-sertifikaat van 'n onderwysdepartement in die Unie.

(Wanneer 'n sertifikaat van skoolopleiding nie voorgelê kan word nie, moet 'n sertifikaat van die hoof van 'n tegniese kollege, of van die hoof van 'n skool, of van 'n inspekteur van skole, of 'n direkteur van onderwys voorgelê word wat sertifiseer dat die standaard van algemene skoolopleiding van die kandidaat gelykstaande is aan dié van 'n persoon wat die standerd sewe-sertifikaat van 'n onderwys-departement in die Unie besit.) ";

✱ No. 93.] [12 January 1951.

SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.

AMENDMENT OF THE REGULATIONS FOR THE TRAINING AND EXAMINATION OF MIDWIVES MADE UNDER SECTION *FOUR* OF ACT No. 45 OF 1944, AS AMENDED BY ACT No. 12 OF 1946.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (2) of section *four* of the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), has approved of the amendment of the Regulations for the Training and Examination of Midwives, made by the South African Nursing Council under sub-section (1) of the said section of the said Act, as amended, and published under Government Notice No. 676 of the 8th April, 1949, as amended by Notices Nos. 533 of the 10th March, 1950, and 1925 of the 11th August, 1950, by—

(*a*) the substitution for paragraph (*a*) of regulation 2 of the following:—

" (*a*) she produces a certificate of general education at least equal to a standard seven certificate of an education department in the Union.

(Where a school certificate cannot be produced, a certificate by the Principal of a Technical College, or by the Principal of a School, or by an Inspector of Schools, or by a Director of Education, must be produced certifying that the standard of general education of the applicant is equivalent to that of a person who holds the standard seven certificate of an Education Department in the Union.) ";

(*b*) die invoeging na die woord „regulasie", waar dit in paragraaf (*a*) (i) van regulasie 5 verskyn, van die woorde „met dien verstande dat, vir die toepassing van hierdie regulasie, leerlinge wat nie as geneeskundige en chirurgiese verpleegsters geregistreer kan word nie slegs om rede hulle onder die ouderdom van 21 jaar is, geag word geregistreer te wees.";

(*c*) die woorde „tensy sy minstens nege maande van haar opleiding meegemaak het" waar dit in paragraaf (*a*) van regulasie 8 verskyn deur die woorde „tensy sy minstens nege maande van haar opleiding afgelê het op of voor die eerste dag van die maand wat volg op dié waarin die eksamen gehou word" te vervang; en

(*d*) die woorde „tot tyd en wyl sy haar opleiding meegemaak het" waar dit in paragraaf (*b*) van regulasie 8 verskyn, deur die woorde „tensy sy haar opleiding sal afgelê het voor of op die eerste dag van die maand wat volg op dié waarin die eksamen gehou word" te vervang.

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN

✱ No. 88.] [12 Januarie 1951.

AANSTELLING VAN LEDE.—HUURRAAD VAN MIDDELBURG (KAAP).

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Volkswelsyn, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), die volgende persone in die Huurraad van Middelburg (Kaap), vir die tydperk 11 Desember 1950 tot 10 Desember 1953 aangestel het:—

As voorsitter: Die Magistraat, Middelburg (Kaap).
As lede: P. J. du Toit, J. N. Marais,
As plaasvervangende lid: B. B. Burger.

✱ No. 89.] [12 Januarie 1951.

AANSTELLING VAN VOORSITTER EN LID.—HUURRAAD VAN KLERKSDORP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Volkswelsyn, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), die volgende persone in die Huurraad van Klerksdorp vir die tydperk 13 Desember 1950 tot 20 Mei 1951 aangestel het:—

Mnr. C. H. du Plessis as voorsitter in die plek van mnr. C. W. Broli, wat bedank het.

Mnr. E. J. van Wyk as lid in die plek van mnr. P. M. Lemmer, wat oorlede is.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

✱ No. 53.] [12 Januarie 1951.

HERROEPING VAN AANSTELLINGS AS HUWELIKSBEVESTIGERS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake, kragtens artikel *vier* van Wet No. 43 van 1916, die herroeping van die magtiging van ondergenoemde predikante om huwelike te bevestig, goedgekeur het:—
(7) Enige onderhoudstoelae of vervoerkoste wat kragtens subklousules (5) en (6) aan 'n werknemer betaalbaar is, moet deur sy werkgewer binne sewe dae na die werknemer se skriftelike eis daarom, betaal word.

4. BETALING VAN BESOLDIGING.

(1) *Werknemer, behalwe 'n los werknemer.*—Behalwe soos bepaal by klousules 3 (7) en 6 (3) moet enige bedrag wat aan 'n werknemer, behalwe 'n los werknemer, verskuldig is, weekliks in kontant betaal word of, as die werkgewer en die werknemer daartoe ooreengekom het, maandeliks, gedurende die werkure of binne dertig minute na stakingstyd op die gewone betaaldag van die inrigting of by diensbeëindiging as dit voor die gewone betaaldag plaasvind en dit moet in 'n geslote koevert of houer wees met daarop aangeteken, of vergesel van, 'n staat met die werkgewer se naam, die werknemer se naam of betaalstaatnommer, die werknemer se bedryf, die getal gewone en enige oortydure gewerk, die besoldiging verskuldig en die tydperk ten opsigte waarvan betaling gemaak word.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan sy los werknemer verskuldig is, in kontant by diensbeëindiging betaal.

(3) *Premies.*—Geen betaling mag aan 'n werkgewer, hetsy direk of indirek, ten opsigte van die indiensneming of opleiding van 'n werknemer, gemaak of deur die werkgewer aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis om goedere van hom te koop of van 'n winkel of 'n persoon deur hom aangewys nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behalwe soos bepaal by die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, of by die Naturellearbeid Regelingswet, 1911, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om by hom te loseer en in te woon of te loseer of in te woon nòg by hom nòg by enige ander persoon of by 'n plek deur hom aangewys nie.

(6) *Boetes en aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê nie; ook mag hy geen aftrekkings van sy werknemer se besoldiging, behalwe onderstaande, maak nie:—

(*a*) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n aftrekking vir 'n vakansie-, siektebystands-, versekerings-, spaar-, voorsienings- of pensioenfonds of ledegeld van 'n vakvereniging; met dien verstande dat ingeval van 'n aftrekking vir 'n siektebystands- of voorsieningsfonds in die tweede voorbehoud van klousule 7 (1) genoem, die skriftelike toestemming van die werknemer nie verkry hoef te word nie;

(*b*) behalwe soos andersins in hierdie Vasstelling bepaal is, wanneer 'n werknemer van sy werk afwesig is, behalwe op las of op versoek van sy werkgewer, 'n aftrekking na verhouding van die tydperk van sy afwesigheid, bereken op die basis van die weekloon wat die werknemer ten tyde daarvan ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het;

(4) *Calculation of Monthly and Daily Wage.*—(*a*) Whenever the wage due to an employee is, in terms of clause 4 (1), paid monthly, the amount of such wage shall be calculated at the rate of four and one-third times the wage prescribed in subclause (1) for an employee of his class and area.

(*b*) The daily wage of an employee, other than a casual employee, shall be determined by dividing the weekly wage prescribed in clause 3 (1) for an employee of his class and area by—

(i) five, in the case of an employee who works a five-day week;

(ii) six, in the case of an employee who works a six-day week.

(5) *Subsistence Allowance.*—In addition to the wage prescribed in sub-clause (1)—

(*a*) a traveller who, on any journey undertaken in the performance of his duties, is absent from his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, shall be paid a subsistence allowance of not less than—

(i) five shillings for each such period of absence not extending over a night;

(ii) twenty-two shillings and six pennies for each night where such period of absence extends over one or more nights;

(*b*) a sample boy who, accompanying a traveller on any journey undertaken by the traveller in the performance of his duties, is absent from his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, shall be paid a subsistence allowance of not less than—

(i) one shilling for each such period of absence not extending over a night;

(ii) three shillings and six pennies for each night where such period of absence extends over one or more nights.

(6) *Transport Expenses.*—(*a*) A traveller who uses his employer's motor vehicle or who is required to travel by train or any other but his own means of conveyance, shall be re-imbursed by his employer all the reasonable transport expenses incurred by him in the performance of his duties and for the purposes of this sub-clause the overnight garaging of a motor vehicle shall be deemed to be a transport expense.

(*b*) A traveller who is required to provide a motor vehicle for the performance of his duties shall be paid by his employer an inclusive transport allowance of not less than seven and a half pennies for each mile travelled in the performance of his duties.

(7) Any subsistence allowance or transport expenses payable to an employee in terms of sub-clauses (5) and (6) respectively shall be paid by his employer within seven days of the employee's written claim therefor.

4. PAYMENT OF REMUNERATION.

(1) *Employee Other than a Casual Employee.— Save as provided* in clauses 3 (7) and 6 (3) any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid in cash weekly, or, if the employer and the employee have agreed thereto, monthly, during the hours of work or within thirty minutes of ceasing work on the usual pay day of the establishment or on termination of employment if this takes place before the usual pay day and shall be contained in a closed envelope or container, on which shall be reflected, or which shall be accompained by a statement showing the employer's name, the employee's name or pay roll number, the employee's occupation, the number of ordinary and any overtime hours worked, the remuneration due and the period in respect of which payment is made.

(2) *Casual Employee.*—An employer shall pay the remuneration due to his casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of Goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop or person nominated by him.

(5) *Board and Lodging.*—Save as provided in the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, or in the Native Labour Regulation Act, 1911, an employer shall not require his employee to board and lodge or board or lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Fines and Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration other than the following:—

(*a*) with the written consent of his employee a deduction for a holiday, sick benefit, insurance, savings, provident or pension fund or subscriptions to a trade union: Provided that in case of a deduction for a sick benefit or provident fund referred to in the second proviso to clause 7 (1) the written consent of the employee need not be obtained;

(*b*) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence calculated on the basis of the weekly wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time thereof;

(c) 'n aftrekking van enige bedrag wat 'n werkgewer by wet of ten opsigte van 'n bevel van 'n bevoegde hof verplig is of toegelaat word om te maak;

(d) 'n aftrekking ten opsigte van enige openbare vakansiedag, behalwe Nuwejaarsdag, Goeie-Vrydag, Dingaansdag of Kersdag, waarop 'n werknemer toegelaat word om nie te werk nie, van die loon wat hy sou ontvang het as hy op so'n dag gewerk het;

(e) as 'n werknemer toestem of dit van hom kragtens die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, of die Naturellearbeid Regelingswet, 1911, vereis word om losies en inwoning of losies of inwoning van sy werkgewer aan te neem, 'n aftrekking wat die bedrae hieronder genoem, nie oorskry nie:—

	Per week. s. d.	*Per maand.* £ s. d.
Kos	4 0	0 17 4
Inwoning	2 0	0 8 8
Kos en inwoning	6 0	1 6 0

(f) as die gewone werkure, by klousule 5 voorgeskryf, as gevolg van korttydure verminder word, 'n aftrekking ten opsigte van elke uur van die vermindering van die werknemer se weekloon gedeel deur die getal gewone ure deur dié werknemer in 'n week gewerk:

Met dien verstande dat geen aftrekking—

(i) in die geval van korttydure gemaak mag word wat die gevolg van 'n tydelike handelslapte is nie, tensy die werkgewer sy werknemer minstens vier-en-twintig uur kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure aldus te verminder;

(ii) in die geval van korttydure wat voortvloei uit 'n algemene defek aan installasie of masjinerie veroorsaak deur ongeval of ander onvoorsiene oorsaak ten opsigte van die eerste uur wat nie gewerk word nie, tensy die werkgewer sy werknemer die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk beskikbaar sal wees nie.

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYDURE EN BESOLDIGING VIR OORTYDURE.

(1) *Werkure.*—Die gewone werkure van 'n werknemer, behalwe 'n los werknemer, mag nie meer wees nie—

(a) in die geval van 'n werknemer wat 'n vyfdaagse week werk—

(i) as ses-en-veertig in 'n week van Maandag tot en met Vrydag;

(ii) as nege en een-vyfde op 'n dag;

(b) in die geval van 'n werknemer wat 'n sesdaagse week werk—

(i) as ses-en-veertig in 'n week van Maandag tot en met Saterdag;

(ii) as agt op 'n dag, tensy die ure op een dag nie meer as vyf is nie, in watter geval die ure op die ander dae nie meer as agt en 'n half op 'n dag mag wees nie, maar sodat die totaal nie meer as ses-en-veertig in 'n week is nie.

(2) Die gewone werkure van 'n los werknemer mag nie agt en 'n half op 'n dag oorskry nie.

(3) *Etensonderbrekings.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om langer as vyf uur aaneen sonder 'n etensonderbreking van minstens een uur te werk nie gedurende welke onderbreking dit nie van die werknemer vereis of hy toegelaat mag word om enige werk te doen nie en die onderbreking mag nie as deel van die gewone werkure of oortydure beskou word nie; met dien verstande dat—

(i) as die onderbreking langer as 'n uur duur, enige tydperk van meer as een en 'n kwart uur as gewone werkure beskou moet word;

(ii) werktye onderbreek deur minder as 'n uur as aaneenlopend beskou moet word.

(4) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers 'n ruspouse van minstens tien minute so na as prakties moontlik in die middel van elke oggend- of middagskof toestaan gedurende welke ruspouse dit nie van die werknemer vereis of hy toegelaat mag word om enige werk te doen nie, en die pouse moet as deel van die gewone werkure beskou word.

(5) *Werkure moet aaneenlopend wees.*—Behalwe soos bepaal by subklousules (3) en (4) moet alle werkure aaneenlopend wees.

(6) *Oortydwerk.*—Alle ure oor die maksimum getal werkure gewerk wat by subklousules (1) en (2) voorgeskryf is, moet as oortydwerk beskou word.

(7) *Beperking van oortydwerk.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis of hom toelaat om langer as—

(i) agt uur in 'n week;

(ii) vier uur op 'n dag;

oor tyd te werk nie.

(8) *Vroulike werknemers.*—Nieteenstaande andersluidende bepalings in subklousules (1) tot en met (7) mag 'n werkgewer nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(a) tussen 6 nm. en 6 vm.;

(b) na 1 nm. op meer as vyf dae in 'n week;

(c) oortyd vir langer as twee uur op 'n dag;

(d) oortyd op meer as drie agtereenvolgende dae;

(e) oortyd na voltooiing van haar gewone werkure vir langer as een uur op 'n dag;

te werk nie, tensy hy—

(i) kennis daarvan aan die werknemer voor die etensonderbreking van daardie dag gegee het; of

(c) a deduction of any amount which an employer by any law or any order of any competent court is required or permitted to make;

(d) a deduction in respect of any public holiday other than New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day or Christmas Day, on which an employee is permitted not to work, of the wage which he would have received had he worked on such day;

(e) whenever an employee agrees or is required in terms of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, or the Native Labour Regulation Act, 1911, to accept board and lodging or board or lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder:—

	Per Week. s. d.	*Per Month.* £ s. d.
Board	4 0	0 17 4
Lodging	2 0	0 8 8
Board and lodging	6 0	1 6 0

(f) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction in respect of each hour of such reduction of the employee's weekly wage divided by the number of ordinary hours worked by such employee in any week:

Provided that no deduction shall be made—

(i) in the case of short-time arising out of temporary slackness of trade, unless the employer has given his employee not less than 24 hours' notice of his intention so to reduce the ordinary hours of work;

(ii) in the case of short-time arising out of a general breakdown of plant or machinery caused by accident or other unforeseen cause in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME.

(1) *Ordinary Hours of Work.*—The ordinary hours of work of an employee, other than a casual employee, shall not exceed—

(a) in the case of an employee who works a five-day week—

(i) forty-six in any week from Monday to Friday, inclusive;

(ii) nine and one-fifth on any day;

(b) in the case of an employee who works a six-day week—

(i) forty-six in any week from Monday to Saturday, inclusive;

(ii) eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on the other days shall not exceed eight and a half on any day but so that the aggregate shall not exceed forty-six in any week.

(2) The ordinary hours of work of a casual employee shall not exceed eight and a half on any day.

(3) *Meal Intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work and such interval shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(i) if such interval be longer than one hour any period in excess of one and a quarter hours shall be deemed to be ordinary hours of work;

(ii) periods of work interrupted by less than one hour shall be deemed to be continuous.

(4) *Rest Intervals.*—An employer shall grant to each of his employees a rest interval of not less than ten minutes as nearly as practicable in the middle of each morning and afternoon work period during which interval such employees shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work.

(5) *Hours of Work to be Consecutive.*—Save as provided in sub-clauses (3) and (4) all hours of work shall be consecutive.

(6) *Overtime.*—All hours worked in excess of the maximum number of ordinary hours of work prescribed in sub-clauses (1) and (2) shall be deemed to be overtime.

(7) *Limitation of Overtime.*—An employer shall not require or permit his employee to work overtime for more than—

(i) eight hours in any week;

(ii) four hours on any day.

(8) *Female Employees.*—Notwithstanding anything to the contrary in sub-clauses (1) to (7) inclusive, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(a) between 6 o'clock p.m. and 6 o'clock a.m.;

(b) after 1 p.m. on more than five days in any week;

(c) overtime for more than two hours on any day;

(d) overtime on more than three consecutive days;

(e) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—

(i) given notice thereof to such employee before the meal interval of that day; or

(ii) die werknemer van 'n voldoende ete voorsien het voordat sy oortyd moet begin werk; of

(iii) die werknemer minstens twee sjielings en sikspens betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin.

(9) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet aan sy werknemer ten opsigte van alle oortydwerk deur die werknemer verrig, besoldiging betaal teen minstens een en 'n half maal die werknemer se gewone loon.

(10) *Voorbehoude.*—Die bepalings van hierdie klousule is nie van toepassing op 'n reisiger, 'n monsterjong, 'n wag of 'n werknemer wat 'n basiese loon van minstens £540 per jaar verdien en subklousules (3), (4), (5) en (7) is nie van toepassing op 'n werknemer in diens op werk wat noodsaaklik is as gevolg van 'n algemene defek aan installasie of masjinerie of op noodwerk nie.

6. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer sy werknemer ten opsigte van elke voltooide jaar diens by hom—

(*a*) in die geval van 'n reisiger, 'n monsterjong of 'n wag, drie agtereenvolgende weke verlof;

(*b*) in die geval van elke ander werknemer, twee agtereenvolgende weke verlof;

met volle betaling toestaan.

(2) Die verlof genoem in subklousule (1) moet toegestaan word op 'n tyd wat deur die werkgewer vasgestel word; met dien verstande dat—

(i) as die verlof nie eerder toegestaan is nie, dit toegestaan moet word binne twee maande van die voltooiing van die jaar diens waarop dit betrekking het;

(ii) die tydperk van die verlof nie mag saamval met siekteverlof kragtens klousule 7 toegestaan nie, ook nie met enige tydperk gedurende welke die werknemer verplig is om opleiding kragtens die Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912, te ondergaan nie;

(iii) as Nuwejaarsdag, Goeie-Vrydag, Dingaansdag of Kersdag binne die tydperk van die verlof val, 'n ander dag ter vervanging van elke sodanige dag by die genoemde tydperk as 'n verdere tydperk van verlof met volle betaling gevoeg moet word;

(iv) 'n werkgewer enige dag geleentheidsverlof met volle betaling, wat op die werknemer se skriftelike versoek gedurende die jaar diens waarop die tydperk van jaarlikse verlof betrekking het, toegestaan is, van die tydperk van verlof mag aftrek.

(3) *Verlofbesoldiging.*—Die besoldiging ten opsigte van jaarlikse verlof wat in subklousule (1) van hierdie artikel genoem word, moet nie later as die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word nie.

(4) 'n Werknemer wie se dienskontrak in die eerste of enige volgende jaar diens by dieselfde werkgewer eindig voordat die tydperk van verlof opgeloop het wat in subklousule (1) genoem word, moet by die beëindiging in plaas van verlof ten opsigte van elke volle maand van die tydperk van diens van minder as een jaar minstens—

(*a*) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*a*) van subklousule (1) genoem, een-vierde van die weekloon;

(*b*) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*b*) van subklousule (1) genoem, een-sesde van die weekloon;

betaal word wat hy ontvang het onmiddellik voor die datum van die beëindiging; met dien verstande dat 'n werkgewer 'n aftrekking na verhouding kan maak van 'n verloftydperk wat ingevolge die vierde voorbehoud van subklousule (2) aan 'n werknemer toegestaan is.

(5) 'n Werknemer wat op 'n tydperk van verlof kragtens subklousule (1) geregtig geword het en wie se dienskontrak eindig voordat die verlof toegeken is, moet by die beëindiging ten opsigte van die verlof die bedrag betaal word wat hy as volle betaling sou ontvang het as die verlof aan hom toegestaan was.

(6) Vir die toepassing van hierdie klousule word dit beskou dat die uitdrukking „diens" enige tydperk of tydperke insluit waarin die werknemer—

(*a*) met verlof kragtens subklousule (1) afwesig is;

(*b*) verplig is om opleiding kragtens die Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912, te ondergaan;

(*c*) op las of op versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is;

(*d*) met siekteverlof kragtens klousule 7 afwesig is:

en altesame hoogstens tien weke in 'n jaar beloop en dit word beskou dat dit begin—

(i) in die geval van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling kragtens 'n wet op verlof geregtig geword het van die datum af waarop die werknemer laas kragtens die wet op dié verlof geregtig geword het;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling in diens was en op wie 'n wet wat voorsiening vir verlof maak, van toepassing was, maar wat nie daarkragtens daarop geregtig geword, het nie, van die datum af waarop dié diens begin het;

(iii) in die geval van enige ander werknemer van die datum af waarop die werknemer by sy werkgewer in diens getree het of van die datum af waarop hierdie Vasstelling van krag geword het, watter een ook al die jongste is.

(ii) provided such employee with an adequate mea before she has to commence overtime; or

(iii) paid such employee not less than two shillings and six pennies in sufficient time to enable her to obtain and partake of, a meal before the overtime is due to commence.

(9) *Payment for Overtime.*—An employer shall pay to his employee in respect of all overtime worked by the employee remuneration at a rate not less than one and one third times the employee's ordinary wage.

(10) *Savings.*—The provisions of this clause shall not apply to a traveller, a sample boy, a watchman or an employee earning a basic wage of not less than £540 per annum and sub-clauses (3), (4), (5) and (7) shall not apply to an employee employed on work necessitated by a general break-down of plant or machinery or on emergency work.

6. ANNUAL LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee in respect of each completed year of employment with him—

(*a*) in the case of a traveller, a sample boy or a watchman three consecutive weeks' leave;

(*b*) in the case of every other employee, two consecutive weeks leave;

on full pay.

(2) The leave referred to in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier it shall be granted within two months of the completion of the year of employment to which it relates;

(ii) the period of such leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor with any period during which the employee is required to undergo training under the South Africa Defence Act, 1912;

(iii) if New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day or Christmas Day falls within the period of such leave another day shall, in substitution for each such day, be added to the said period as a further period of leave on full pay;

(iv) an employer may set off against such period of leave any day of occasional leave granted on full pay to his employee at his employee's request made in writing during the year of employment to which the period of annual leave relates.

(3) *Leave Remuneration.*—The remuneration in respect of annual leave referred to in sub-clause (1) shall be paid not later than the last work day before the date of the commencement of such leave.

(4) An employee whose contract of employment terminates in the first or any subsequent year of employment with the same employer before the period of leave referred to in sub-clause (1) has accrued, shall upon such termination be paid in lieu of leave, in respect of each completed month of such period of employment of less than a year, not less than—

(*a*) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*) of sub-clause (1), one-fourth of the weekly wage;

(*b*) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*) of sub-clause (1), one-sixth of the weekly wage;

he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the fourth proviso to sub-clause (2).

(5) An employee who has become entitled to a period of leave in terms of sub-clause (1) and whose contract of employment terminates before such leave has been granted, shall upon such termination be paid the amount he would have received as full pay in respect of the leave had the leave been granted to him.

(6) For the purposes of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is—

(*a*) absent on leave in terms of sub-clause (1);

(*b*) required to undergo training under the South Africa Defence Act, 1912;

(*c*) absent from work on the instructions or at the request of his employer;

(*d*) absent on sick leave in terms of clause 7;

amounting in the aggregate to not more than ten weeks in an year and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to leave in terms of any law, from the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the date of commencement of this determination and to whom any law providing for annual leave applies but who had not become entitled to leave in terms thereof from the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, from the date on which such employee entered his employer's service or from the date of coming into force of this determination, whichever is the later.

7. SIEKTEVERLOF.

(1) 'n Werkgewer moet aan sy werknemer wat na twee maande diens by hom afwesig van werk is weens siekte of ongeval wat nie deur sy eie wangedrag veroorsaak is nie, behalwe 'n ongeval waarvoor skadeloosstelling kragtens die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is, tien werkdae siekteverlof altesaam gedurende enige jaar diens by hom toestaan en hom minstens die loon betaal ten opsigte van die tydperk van afwesigheid ingevolge hiervan wat hy sou ontvang het as hy gedurende die tydperk gewerk het; met dien verstande dat—

(i) 'n werkgewer as 'n vooropgestelde voorwaarde van die betaling deur hom van enige bedrag ingevolge hierdie klousule deur 'n werknemer geëis ten opsigte van 'n tydperk van afwesigheid van meer as twee dae as gevolg van siekte, van die werknemer mag vereis om 'n sertifikaat voor te lê wat deur 'n mediese praktisyn geteken is en wat die aard en duur van die werknemer se siekte aantoon;

(ii) dat waar daar in 'n inrigting kragtens 'n ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemers of tussen die werkgewer en 'n geregistreerde vakvereniging, 'n siektebystands- of voorsieningfonds bestaan of ingestel mag word, waarby die werkgewer ten opsigte van elkeen van sy werknemers 'n bedrag bydra van nie minder as die bedrag deur elke sodanige werknemer betaal of betaalbaar is nie en uit welke fonds 'n werknemer in die geval van afwesigheid of afwesighede van werk as gevolg van siekte of ongeval (behalwe 'n ongeval waarvoor skadeloosstelling kragtens die Ongevallenwet, 1941, betaalbaar is) geregtig is om altesaam in enige enkele jaar minstens 'n bedrag te ontvang gelyk aan sy volle loon vir twee weke ten opsigte van die afwesigheid of afwesighede onder omstandighede wesenlik nie minder gunstig vir die werknemer as hierdie bepaling nie, die bepalings van hierdie klousule nie van toepassing is nie;

(iii) ingeval 'n werkgewer by 'n wet verplig is om gelde te betaal vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer en hy die gelde betaal die bedrag aldus betaal, afgetrek mag word van die betaling wat ten opsigte van siekte kragtens hierdie klousule betaalbaar is;

(iv) ingeval 'n werkgewer by 'n wet verplig is om aan 'n werknemer sy volle loon gedurende 'n tydperk van siekte te betaal wat meer as tien werkdae is en hy die loon betaal, hierdie klousule nie van toepassing is nie.

(2) Vir die toepassing van hierdie klousule word dit beskou dat die uitdrukking „diens" 'n tydperk of tydperke insluit gedurende welke 'n werknemer—

(*a*) kragtens klousule 6 met verlof afwesig is;
(*b*) op las of op versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is;
(*c*) met siekteverlof ingevolge subklousule (1) afwesig is;
(*d*) verplig is om opleiding kragtens die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, te ondergaan;

altesaam hoogstens tien weke in 'n jaar, en daar word beskou dat diens van die datum af begin waarop 'n werknemer tot sy werkgewer se diens toegetree het of van die datum van die inwerkingtreding van hierdie vasstelling af, watter een ook al die jongste is.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE EN SONDAE.

(1) *Openbare vakansiedae.*—'n Werknemer, behalwe 'n wag is geregtig tot en moet verlof met volle betaling toegestaan word op Nuwejaarsdag, Goeie-Vrydag, Dingaansdag en Kersdag; met dien verstande dat van 'n werknemer vereis mag word om op enigeen van die dae te werk; voorts met dien verstaande dat as die vakansie op 'n Saterdag val, die bepalings van hierdie subklousule nie van toepassing is op 'n werknemer wat 'n vyfdaagse week werk nie.

(2) *Betaling vir werk op openbare vakansies.*—(*a*) As 'n werknemer, wat ingevolge subklousule (1) geregtig is tot verlof met volle betaling op Nuwejaarsdag, Goeie-Vrydag, Dingaansdag en Kersdag, op so'n dag werk, moet sy werkgewer hom vir elke sodanige dag minstens dubbel sy dagloon betaal.

(*b*) As 'n los werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie-Vrydag, Dingaansdag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom vir elke sodanige dag minstens dubbel die dagloon betaal wat vir hom by klousule 3 (1) voorgeskryf word.

(3) *Betaling vir werk op Sondae.*—(*a*) As 'n werknemer, behalwe 'n los werknemer of 'n wag, op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom òf—

(i) minstens dubbel sy dagloon betaal; of

(ii) hom vir elke uur of gedeelte van 'n uur aldus gewerk, minstens een en een-derde maal sy gewone loon betaal ten opsigte van die totale tyd op die Sondag gewerk en hom binne sewe dae van dié Sondag een dag vakansie toestaan en hom sy dagloon ten opsigte daarvan betaal.

(*b*) As 'n los werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom minstens dubbel die dagloon betaal wat vir hom by klousule (1) voorgeskryf word.

7. SICK LEAVE.

(1) An employer shall grant to his employee who after two months' employment with him is absent from work through sickness or accident not caused by his own misconduct, other than an accident compensable under the Workmen's Compensation Act, 1941, ten work days' sick leave in the aggregate during any one year of employment with him and shall pay to him in respect of the period of absence in terms hereof not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided—

(i) that an employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any period of absence in excess of two days owing to illness, require the employee to produce a certificate signed by a medical practitioner showing the nature and duration of the employee's illness;

(ii) that where in any establishment there exists or may be established by virtue of an agreement between an employer and his employees or between the employer and a registered trade union, a sick benefit or provident fund to which the employer contributes in respect of each of his employees an amount not less than the amount paid or payable by each such employee and out of which fund an employee is in case of absence or absences from work on account of sickness or accident (other than an accident compensable under the Workmen's Compensation Act, 1941), entitled to receive in the aggregate in any one year not less than an amount equivalent to his full wages for two weeks in respect of such absence or absences in circumstances substantially not less favourable to the employee than this provision, the terms of this clause shall not apply;

(iii) that where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of sickness in terms of this clause;

(iv) that where an employer is by any law required to pay to an employee his full wages during any period of illness in excess of ten work days and he so pays such wages, this clause shall not apply.

(2) For the purposes of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is—

(*a*) absent on leave in terms of clause 6;
(*b*) absent from work on the instructions or at the request of his employer;
(*c*) absent on sick leave in terms of sub-clause (1);
(*d*) required to undergo training under the South Africa Defence Act, 1912;

amounting in the aggregate to not more than ten weeks in any year and employment shall be deemed to commence from the date on which an employee entered his employer's service or from the date of coming into operation of this determination, whichever is the later.

8. PUBLIC HOLIDAYS AND SUNDAYS.

(1) *Public Holidays.*—An employee, other than a watchman, shall be entitled to and shall be granted leave on full pay on New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day and Christmas Day: Provided that an employee may be required to work on any such day: Provided further that when such holiday falls on a Saturday, the provisions of this sub-clause shall not apply in respect of an employee who works a five-day week.

(2) *Payment for Work on Public Holidays.*—(*a*) Whenever an employee, who in terms of sub-clause (1) is entitled to leave on full pay on New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day and Christmas Day, works on any such day his employer shall pay to him for each such day not less than double his daily wage.

(*b*) Whenever a casual employee works on New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day or Christmas Day, his employer shall pay to him for each such day not less than double the daily wage prescribed for him in clause 3 (1).

(3) *Payment for Work on Sundays.*—(*a*) Whenever an employee, other than a casual employee or a watchman, works on a Sunday, his employer shall either—

(i) pay to him not less than double his daily wage; or

(ii) pay to him for each hour or part of an hour so worked not less than one-and-one-third times his ordinary wage in respect of the total period worked on such Sunday and shall grant to him within seven days of such Sunday one day's holiday and pay to him his daily wage in respect thereof.

(*b*) Whenever a casual employee works on a Sunday, his employer shall pay to him not less than double the daily wage prescribed for him in clause 3 (1).

9. STUKWERK EN KOMMISSIEWERK.

(1) Behalwe soos bepaal by klousule 4 (6) moet 'n werkgewer aan sy werknemer, behalwe 'n reisiger, wat stukwerk vir 'n tyd verrig, besoldiging betaal teen die skale waartoe tussen die werkgewer en sy werknemer ooreengekom is; met dien verstande dat, ongeag die hoeveelheid of omvang van werk gedoen, die werkgewer aan die werknemer minstens—

(*a*) in die geval van 'n werknemer, behalwe 'n los werknemer, ten opsigte van elke week waarin stukwerk verrig word, die weekloon betaal wat by klousule 3 (1), gelees tesame met klousule 5 (9), vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word;

(*b*) in die geval van 'n los werknemer ten opsigte van elke dag waarop stukwerk verrig word, die loon wat by klousule 3 (1), gelees tesame met klousule 5 (9), voorgeskryf word;

plus 5 persent van die loon.

(2) 'n Werkgewer moet op 'n opvallende plek in sy inrigting 'n staat van die stukwerkskale vertoon hou waarna in subklousule (1) verwys word.

(3) 'n Reisiger wat by ooreenkoms met sy werkgewer kommissiewerk onderneem, moet deur sy werkgewer, voordat met die werk begin word, voorsien word van 'n ware kopie van die ooreenkoms, of 'n staat wat die bepalings van die ooreenkoms uiteensit wat moet insluit—

(*a*) die kommissieskaal of -skale en die beregtigingsvoorwaardes;

(*b*) die dag van die week of maand wanneer kommissie wat verdien is, betaalbaar is en betaal moet word;

(*c*) die gebied waarin van die reisiger vereis word of hy toegelaat word om te werk;

(*d*) die minimum en maksimum bestellings, individueel, weekliks of maandeliks, as daar is, wat die werkgewer bereid is om aan te neem;

(*e*) die dag van betaling van kommissie ten opsigte van bestellings deur die werkgewer voor beëindiging van die dienskontrak aangeneem, met dien verstande dat die dag van betaling nie later as die vyftiende dag van die kalendermaand moet wees wat volg op die maand waarin diens beëindig is nie.

(4) Die bepalings van die ooreenkoms in subklousule (3) genoem, mag nie minder gunstig vir die reisiger as hierdie Vasstelling wees nie; met dien verstande dat die dag van betaling van besoldiging aan 'n reisiger op kommissiewerk ooreenkomstig die ooreenkoms moet wees en die bepalings van klousule 4 (1) is nie op die betaling van toepassing nie.

(5) Behalwe soos bepaal by klousule 4 (6) moet 'n werkgewer sy reisiger wat kommissiewerk vir 'n tyd doen, besoldiging betaal teen die skaal waartoe tussen hulle ooreengekom is; met dien verstande dat ongeag die getal of waarde van bestellings deur die werkgewer aangeneem, hy aan die reisiger minstens die weekloon moet betaal wat by klousule 3 (1) voorgeskryf word vir 'n reisiger van sy ervaring ten opsigte van elke week waarin kommissiewerk verrig word.

(6) 'n Werkgewer of 'n werknemer, wat van voorneme is om 'n ooreenkoms te kanselleer, of om te onderhandel oor 'n verandering ten opsigte van stukwerk of kommissiewerk, moet minstens een week skriftelik kennis van dié voorneme gee.

10. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE.

'n Werkgewer moet uniforms, oorpakke of beskermende klere wat hy van sy werknemer mag verwag om te dra of wat hy by wet of regulasie verplig is om aan sy werknemer te verskaf kosteloos lewer en in goeie toestand hou, en die uniforms, oorpakke en beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer.

11. VERBOD OP INDIENSNEMING VAN 'N PERSOON ONDER VYFTIEN JAAR.

'n Werkgewer mag geen persoon onder 15 jaar in diens neem nie.

12. DIENSSERTIFIKAAT.

Op versoek van 'n werknemer, behalwe 'n los werknemer, moet 'n werkgewer by die beëindiging van die dienskontrak van die werknemer, hom voorsien van 'n dienssertifikaat wat die name van die werkgewer en sy werknemer voluit aantoon, die aard van die diens, die datum van begin en beëindiging van die kontrak en die loonskaal op die datum van die beëindiging; met dien verstande dat in die geval van 'n werknemer wie se loon op 'n stygende skaal volgens ervaring gebaseer is, dié werkgewer die werknemer van 'n dienssertifikaat moet voorsien.

13. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, behalwe 'n los werknemer, wat verlang om die dienskontrak te beëindig, moet—

(*a*) gedurende die eerste maand diens, vier-en-twintig uur kennis,

(*b*) in die geval van 'n werknemer wat weekliks betaal word, een week kennis na die eerste maand diens,

(*c*) in die geval van 'n werknemer wat maandeliks betaal word, een maand kennis na die eerste maand diens,

9. PIECE-WORK AND COMMISSION-WORK.

(1) Save as provided in clause 4 (6), an employer shall pay to his employee, other than a traveller, who is employed on piece-work for any period, remuneration at the rates agreed upon between the employer and his employee: Provided that, irrespective of the quantity or output of work done, the employer shall pay to such employee not less than—

(*a*) in the case of an employee, other than a casual employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the weekly wage precribed in clause 3 (1) read with clause 5 (9) for an employee of his class and area;

(*b*) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed the wage prescribed in clause 3 (1) read with clause 5 (9);

plus five per cent. of such wage.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment, a schedule of the piece-work rates referred to in sub-clause (1).

(3) A traveller, who by agreement with his employer undertakes commission-work, shall be supplied by his employer, before such work is commenced, with a true copy of the agreement, or a statement setting out the terms of the agreement, which shall include—

(*a*) the rate or rates of the commission and the conditions of entitlement;

(*b*) the day of the week or month when commission earned is due and payable;

(*c*) the area in which the traveller is required or permitted to work;

(*d*) the minimum and maximum orders, individual, weekly or monthly, if any, which the employer is prepared to accept;

(*e*) the day of payment of commission in respect of orders accepted by the employer before termination of the contract of employment: Provided that such day of payment shall be not later than the fifteenth day of the calendar month succeeding the month during which employment was terminated.

(4) The terms of the agreement referred to in sub-clause (3) shall be not less favourable to the traveller than this determination: Provided that the due date of payment of remuneration to a traveller on commission-work shall be in accordance with the agreement and the provisions of clause 4 (1) shall not apply to such payment.

(5) Save as provided in clause 4 (6), an employer shall pay to his traveller who is employed on commission-work for any period remuneration at the rate agreed upon between them: Provided that, irrespective of the number or value of orders accepted by the employer, he shall pay to such traveller not less than the weekly wage prescribed in clause 3 (1) for a traveller of his experience in respect of each week in which commission-work is performed.

(6) An employer or an employee, who intends to cancel, or negotiate for an alteration of, an agreement in regard to piece-work or commission-work, shall give not less than one week's written notice of such intention.

10. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING.

An employer shall supply and maintain in good condition, free of charge, any uniforms, overalls or protective clothing which he may require his employee to wear or which by any law or regulation he may be compelled to provide for his employee and such uniforms, overalls and protective clothing shall remain the property of the employer.

11. PROHIBITION OF EMPLOYMENT OF ANY PERSON UNDER THE AGE OF FIFTEEN YEARS.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

12. CERTIFICATE OF SERVICE.

At the request of an employee, other than a casual employee, an employer shall upon termination of the contract of employment of such employee furnish him with a certificate of service showing the full names of the employer and his employee, the nature of the employment, the dates of commencement and termination of the contract and the rate of remuneration at the date of such termination: Provided that in the case of an employee whose wage is on a rising scale on the basis of experience the employer shall furnish such employee with a certificate of service.

13. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT.

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first month of employment, twenty-four hours' notice;

(*b*) in the case of an employee paid weekly, one week's notice after the first month of employment;

(*c*) in the case of an employee paid monthly, one month's notice after the first month of employment,

gee van sy voorneme om die kontrak te beëindig, of 'n werkgewer mag die kontrak sonder kennis beëindig deur die werknemer minstens—

(i) in die geval van vier-en-twintig uur kennis, die dagloon te betaal wat die werknemer op die datum van beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week kennis, die weekloon te betaal wat die werknemer op die datum van die beëindiging ontvang;

(iii) in die geval van 'n maand kennis, die maandloon te betaal wat die werknemer op die datum van die beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat dit nie—

(i) die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer raak om die kontrak sonder kennis te beëindig om enige rede wat by wet as voldoende beskou word nie;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer raak wat voorsiening maak vir 'n tyd van kennisgewing van gelyke duur aan albei kante en langer as wat by hierdie klousule voorgeskryf word; of

(iii) die werking van enige verbeurings of boetes raak wat by die wet van toepassing mag wees ten opsigte van diensverlating deur 'n werknemer.

(2) Ingeval daar 'n ooreenkoms kragtens die tweede voorbehoud van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing na verhouding wees tot die tyd waartoe ooreengekom is.

(3) Die kennis waarna in subklousule (1) verwys word, moet gegee word op óf voor en moet van toepassing wees vanaf in die geval van 'n werknemer wat weekliks betaal word, die gewone betaaldag van die inrigting vir sulke werknemers, en in die geval van 'n werknemer wat maandeliks betaal word, van die eerste dag van die kalendermaand af; met dien verstande dat die tydperk van kennisgewing nie mag saamval met, ook mag kennis nie gegee word gedurende, die werknemer se afwesigheid met jaarlikse verlof toegestaan kragtens klousule 6 of met siekteverlof toegestaan kragtens klousule 7 of enige tydperk van die werknemer se opleiding kragtens die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, nie; met dien verstande verder dat ingeval slegs vier-en-twintig uur kennis nodig is, die kennis op enige werkdag gegee mag word.

14. GETALSVERHOUDING.

(1) *Chemie-tegnikus.*—'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde chemie-tegnikus in diens hê nie, tensy hy 'n gekwalifiseerde chemie-tegnikus in sy diens het, en vir elke gekwalifiseerde chemie-tegnikus in diens, mag nie meer as een ongekwalifiseerde chemie-tegnikus deur hom in diens geneem word nie; met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie subklousule 'n chemikus as 'n gekwalifiseerde chemie-tegnikus beskou mag word.

(2) *Vroulike klerklike werknemer.*—'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde vroulike of manlike klerklike werknemer in sy diens het en vir elke gekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer in diens mag nie meer as een ongekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer deur hom in diens geneem word nie.

(3) *Manlike klerklike werknemer.*—'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde manlike klerklike werknemer in diens neem nie tensy hy in sy diens 'n gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer het, en vir elke gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer in diens, mag nie meer as een ongekwalifiseerde vroulike of manlike klerklike werknemer deur hom in diens geneem word nie.

(4) *Graad I-werknemer.*—'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde graad I-werknemer in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde graad I-werknemer in sy diens het en vir elke gekwalifiseerde graad I-werknemer in diens, mag nie meer as een ongekwalifiseerde graad I-werknemer deur hom in diens geneem word nie.

(5) Vir die toepassing van hierdie klousule mag 'n werkgewer wat geheel en al of hoofsaaklik in diens is vir die werk van enige besondere klas werknemer, as 'n gekwalifiseerde werknemer in dié klas beskou word en 'n ongekwalifiseerde werknemer wat minstens die loon van 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas en gebied ontvang, mag as 'n gekwalifiseerde werknemer beskou word.

S. P. DU T. VILJOEN, *Voorsitter.*
P. R. VIVIERS, *Lid.*
H. W. TINDALE, *Lid.*

T. R. B. READ, *Sekretaris.*
Pretoria, 24 Augustus 1950.

(OPMERKING.—Bostaande kennisgewing vervang Goewermentskennisgewing No. 2504 wat in die *Staatskoerant* van 13 Oktober 1950 voorkom en wat foutief bekendgemaak is.)

of his intention to terminate the contract, or an employer may terminate the contract without notice by paying the employee not less than—

(i) in the case of twenty-four hours' notice, the daily wage which the employee is receiving at the date of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the date of such termination;

(iii) in the case of a month's notice, the monthly wage which the employee is receiving at the date of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of desertion by an employee.

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1) the payment in lieu of notice shall be proportionate to the period of notice agreed upon.

(3) The notice referred to in sub-clause (1) shall be given on or before, and take effect from, in the case of an employee paid weekly, the usual pay day of the establishment for such employees, and in the case of an employee paid monthly, the first day of the calendar month: Provided that the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, the employee's absence on annual leave granted in terms of clause 6 or on sick leave granted in terms of clause 7 or any period of the employee's training under the South Africa Defence Act, 1912: Provided further that where only twenty-four hours' notice is required to be given, such notice may be given on any work day.

14. RATIO OR PROPORTION.

(1) *Chemical Technician.*—An employer shall not employ an unqualified chemical technician unless he has in his employ a qualified chemical technician and for each qualified chemical technician employed not more than one unqualified chemical technician may be employed by him: Provided that for the purposes of this sub-clause a chemist may be deemed to be a qualified chemical technician.

(2) *Female Clerical Employee.*—An employer shall not employ an unqualified female clerical employee unless he has in his employ a qualified female or male clerical employee and for each qualified female clerical employee not more than one unqualified female clerical employee may be employed by him.

(3) *Male Clerical Employee.*—An employer shall not employ an unqualified male clerical employee unless he has in his employ a qualified male clerical employee, and for each qualified male clerical employee employed not more than one unqualified female or male clerical employee may be employed by him.

(4) *Grade I Employee.*—An employer shall not employ an unqualified grade I employee unless he has in his employ a qualified grade I employee and for each qualified grade I employee employed not more than one qualified grade I employee may be employed by him.

(5) For the purposes of this clause an employer who is wholly or mainly engaged in performing the work of any particular class of employee may be deemed to be a qualified employee in such class and an unqualified employee who is receiving not less than the wage for a qualified employee of his class and area may be deemed to be a qualified employee.

S. P. DU T. VILJOEN, *Chairman.*
P. R. VIVIERS, *Member.*
H. W. TINDALE, *Member.*

T. R. B. READ, *Secretary.*
Pretoria, 24th August, 1950.

(NOTE.—The above notice replaces Government Notice No. 2504, appearing in the *Government Gazette* of the 13th October, 1950, which was published in error.)

✱ No. 79.] [12 Januarie 1951.

LOONWET, 1937.

KOELKAMERNYWERHEID EN NYWERHEID VIR DIE BEREIDING VAN SPEK EN/OF DIE VERVAARDIGING VAN KLEINGOEDERE.—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

In opdrag van die Minister van Arbeid word alle persone wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae verskyn, hierby ooreenkomstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Loonwet, 1937, uitgenooi om as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, dié besware binne dertig dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik in te dien by die Sekretaris van Arbeid, Ongevallegebou, Schoemanstraat, Pretoria.

(OPMERKING.—Die Loonraadverslag wat betrekking het op hierdie aanbeveling is vir insae beskikbaar by die kantore van die Afdelinginspekteurs, Departement van Arbeid, Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein, Kimberley, Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban.

Persone wat besware indien, behalwe in manuskripvorm, word versoek om sewe afskrifte van hulle besware en sewe afskrifte van meegaande dokumente te verstrek.)

BYLAE.

AANBEVELING DEUR DIE LOONRAAD AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID.

KOELKAMERNYWERHEID EN NYWERHEID VIR DIE BEREIDING VAN SPEK EN/OF DIE VERVAARDIGING VAN KLEINGOEDERE.

1. GEBIED EN BESTEK VAN VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werknemers in die koelkamernywerheid en die nywerheid vir die bereiding van spek en/of die vervaardiging van kleingoedere en op die werkgewers van die werknemers in die Unie van Suid-Afrika.

2. WOORDBEPALING.

(1) Tensy die teenoorgestelde blykbaar bedoel word, het alle uitdrukkings wat in hierdie Vasstelling gebruik word en in die Loonwet, 1937, bepaal is, dieselfde betekenis as in daardie Wet en tensy strydig met die samehang, beteken—

„bediener van 'n outomatiese dubbelnaatmasjien", 'n werknemer wat toesig hou oor en verantwoordelik is vir die werking van 'n outomatiese dubbelnaatmasjien;

„nywerheid vir die bereiding van spek en/of die vervaardiging van kleingoedere", die nywerheid waarin werkgewers en werknemers verbonde is in of in verband met 'n inrigting wat ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, geregistreer of registreerbaar is, vir die doel om een of meer van die ondergenoemde te verrig:—

(*a*) Die bereiding en/of vervaardiging van spek en/of biltong en/of rou wors;

(*b*) die bereiding, vervaardiging, preservering, inmaak, bottel en/of verseëling van gekookte vleisprodukte (waarvan die enigste of hoofbestanddeel vleis is, maar met uitsondering van banketgebak), in hoeveelhede bemark en in 'n vorm wat geskik is vir verkoop aan individuele uiteindelike verbruikers sonder verdere proses-behandeling of bereiding daarvan, met inbegrip van gekookte blikkiesvleis, gekookte wors, polonie, sult, bloedwors, gemaalde vleis, frikkadelle, vleisbolletjies, smere, ekstrakte en ander produkte waarin die vleis gemaal, fyngesny, gekap of op 'n ander wyse in stukkies verdeel word as 'n bestanddeel van die produk;

(*c*) die bereiding en/of vervaardiging van gesoute, gerookte, gedroogde of ingelegde vleis of vleisprodukte (waarvan die enigste of hoofbestanddeel vleis is);

(*d*) die skoonskraap van derms en/of vervaardiging en/of bereiding van wors en/of poloniekunsderms;

(*e*) die uitbraai en/of lewering van varkvet, sagte vet en ander diervette;

en sluit in alle werksaamhede bykomstig by of ten gevolge van die werksaamhede wat in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*), (*d*) en (*e*) hierbo genoem is, maar sluit geeneen van die werksaamhede wat in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*), (*d*) en (*e*) hierbo genoem is in nie as dit uitgevoer word in verband met die bestuur van 'n teekamer of restaurant of 'n kleinhandelslagtery;

„ketelbediener", 'n werknemer wat onder toesig daarvoor verantwoordelik is om die water en die stoomdruk in 'n stoomketel in 'n inrigting op peil te hou en wat die vuur in die stoomketel kan stook, hark, sny of trek;

✱ No. 79.] [12 January, 1951.

WAGE ACT, 1937.

COLD STORAGE AND BACON CURING AND/OR SMALL GOODS MANUFACTURING INDUSTRIES.—UNION OF SOUTH AFRICA.

By direction of the Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister of Labour by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto, and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation, are hereby in terms of paragraph (*a*) of subsection (1) of section *fifteen* of the Wage Act, 1937, invited to lodge such objections in writing with the Secretary for Labour, Compensation House, Schoeman Street, Pretoria, within thirty days after publication of this notice.

(NOTE.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the offices of the Divisional Inspectors, Department of Labour, Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein, Kimberley, Cape Town, Port Elizabeth, East London and Durban.

Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.)

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY THE WAGE BOARD.

COLD STORAGE AND BACON CURING AND/OR SMALL GOODS MANUFACTURING INDUSTRIES—UNION OF SOUTH AFRICA.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply to all employees engaged in the Cold Storage and Bacon Curing and/or Small Goods Manufacturing Industries and to the employers of such employees in the Union of South Africa.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the contrary intention appears, any expression used in this Determination which is defined in the Wage Act, 1937, shall have the same meaning as in that Act and unless inconsistant with the context:—

"automatic double seaming machine attendant" means an employee who is in charge of and responsible for the operation of an automatic double seaming machine;

"Bacon Curing and/or Small Goods Manufacturing Industry" means the industry in which employers and employees are associated in or in connection with an establishment which is registered or registrable in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, for the purpose of carrying on one or more of the following activities:—

(*a*) The preparation and/or manufacture of bacon and/or biltong and/or raw sausages;

(*b*) the preparation, manufacture, preserving, canning, bottling, and/or sealing of cooked meat products (the sole or main ingredient of which is meat, but excluding confectionery) marketed in quantity and in a form suitable for sale to individual final consumers without further processing or preparation thereof, including cooked corned beef, cooked sausages, polony, brawn, black pudding, mincemeat, fricadells, meat balls, pastes, extracts and other products in which the meat is minced, cut up, chopped or otherwise sub-divided into portions as an ingredient in such product;

(*c*) the preparation and/or manufacture of salted, smoked, cured or pickled meat or meat products (the sole or main ingredient of which is meat);

(*d*) the scrapping of guts and/or manufacture and/or preparation of sausage and/or polony casings;

(*e*) the extraction and/or rendition of lard, dripping and other animal fats;

and includes all activities incidental to or consequent on the activities referred to in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*), (*d*) and (*e*) above but does not include any of the activities referred to in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*), (*d*) and (*e*) above if carried on incidental to the conduct of a tearoom or a restaurant or a retail butchery;

"boiler attendant" means an employee who, under supervision, is responsible for maintaining the water level and steam pressure of a boiler in an establishment and who may stoke, rake, slice or draw the fire in such boiler;

„los werknemer", 'n werknemer wat hoogstens drie dae in 'n week by dieselfde werkgewer in diens is;

„onderbaas", 'n werknemer wat onder toesig, in beheer is van 'n groep arbeiders;

„klerklike werknemer", 'n werknemer wat skryfwerk, tikwerk of enige ander vorm van klerklike werk verrig en dit sluit 'n versendingsklerk, magasynmeester, telefonis en kassier in;

„klerklike werknemer, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minstens vier jaar ervaring;

„klerklike werknemer, vroulik, ongewalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minder as vier jaar ervaring;

„klerklike werknemer, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minstens vyf jaar ervaring;

„klerklike werknemer, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minder as vyf jaar ervaring;

„koelkamernywerheid, die nywerheid waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die doel om enige artikel te vries en/of te verkoel en/of in koelkamers te berg, en sluit in enige werksaamheid in verband daarmee of ten gevolge daarvan;

„versendingsklerk", 'n werknemer wat verantwoordelik is vir en besig met die verpakking van goedere vir vervoer of aflewering en wat toesig kan hou oor die bymekaarbring en afweeg van die goedere, die natel van pakkette of ander verpakte houers en die merk en adresseer van die pakkette en wat klerklike werk kan doen;

„voerder van dubbelnaatmasjien", 'n werknemer wat deksels aan 'n dubbelnaatmasjien voer en wat die masjien kan aansit en stopsit en wat verstoppings in die rolbaan kan wegruim;

„noodwerk", werk wat nodig gemaak is deur 'n onderbreking van installasie of masjinerie of in verband met die nasien of herstel van installasie of masjinerie wat nie gedurende die gewone werkure wat by klousule 5 voorgeskryf word uitgevoer kan word nie, werk wat veroorsaak word deur 'n onvoorsiene gebeurlikheid ten gevolge van brand, storm, ongeval, epidemie, geweldadigheid, burgerlike opstand of diefstal wat sonder versuim gedoen moet word of wat nodig is om dienste in verband met krag, lig, water, telefoon, openbare gesondheid, saniteit, skoonmaak, openbare vervoer of lughawes in stand te hou of te verskaf, of vir die uitvoer van bestellings vir die lewering van goedere aan of die verskaffing van dienste in verband met skepe, treine, lugdienste, hospitale of die Unie se gewapende magte;

„inrigting", persele in of in verband waarmee werknemers in diens is in die koelkamernywerheid of die nywerheid vir die bereiding van spek en/of die vervaardiging van klein goedere;

„ervaring", met betrekking tot—

(*a*) 'n klerklike werknemer en kleingoederewerker en/of spekbereider, die totale tyd of tye diens wat 'n werknemer onderskeidelik as klerklike werknemer of kleingoederewerker en/of spekbereider gehad het;

(*b*) 'n vleiskok, 'n bestelwabediende, 'n skofman, 'n graad I werknemer en 'n graad II werknemer, die totale tyd of tye diens wat 'n werknemer onderskeidelik as vleiskok, bestelwabediende, skofman, graad I werknemer of graad II werknemer in die koelkamernywerheid en nywerheid vir die bereiding van spek en/of die vervaardiging van kleingoedere gehad het;

„graad I werknemer", 'n werknemer wat in een of meer van ondergenoemde hoedanighede in diens is:—

(1) Bediener van automatiese dubbelnaatmasjien;
(2) bediener van vakuumkookinstallasie;
(3) bediener van retortdrukkooktoestel;

„graad I werknemer, gekwalifiseer", 'n graad I werknemer met minstens een jaar ervaring;

„graad I werknemer, ongekwalifiseer", 'n graad I werknemer met minder as een jaar ervaring;

„graad II werknemer", 'n werknemer wat in een of meer van ondergenoemde hoedanighede of werksaamhede in diens is:—

(1) Hersteller van vaatjies of vate;
(2) een of meer van ondergenoemde masjiene bedien of toesig daaroor hou:—

(*a*) Masjien om kiste te spyker;
(*b*) masjien om kisente te bedruk;
(*c*) masjien om outomatiese houers te was of steriliseer;
(*d*) masjien om etikette op te plak, behalwe outomatiese etiketteermasjien;
(*e*) nie-outomatiese naat- en omklinkmasjien.

„graad II werknemer, gekwalifiseer," 'n graad II werknemer met minstens ses maande ervaring;

„graad II werknemer, ongekwalifiseer," 'n graad II werknemer met minder as ses maande ervaring;

„graad III werknemer", 'n werknemer wat in een of meer van ondergenoemde hoedanighede of werksaamhede in diens is:—

(1) Blikkies vernis;
(2) dubbelnaatmasjienvoerder;
(3) met die hand soldeer;
(4) bediener van passasierhyser;
(5) platkissies of kissies van ongesaagde materiaal maak;
(6) een of meer van ondergenoemde masjiene bedien of toesig daaroor hou:—

(*a*) Afvoerpot;
(*b*) voorverhittingsmasjien;
(*c*) pomp;

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

"chargehand" means an employee who, under supervision, is in charge of a group of labourers;

"clerical employee" means an employee who is engaged in writing, typing or any other form of clerical work and includes a despatch clerk, storeman, telephone operator and cashier;

"clerical employee, female, qualified," means a female clerical employee, who has had not less than four years' experience;

"clerical employee, female, unqualified," means a female clerical employee who has had less than four years' experience;

"clerical employee, male, qualified," means a male clerical employee who has had not less than five years' experience;

"clerical employee, male, unqualified," means a male clerical empolyee who has had less than five years' experience;

"Cold Storage Industry" means the industry in which employers and employees are associated for the purpose of freezing and/or chilling and/or storing in cold storage of any article, and includes any activity incidental thereto or consequent thereon;

"despatch clerk" means an employee who is responsible for and engaged in the packing of goods for transport or delivery, who may supervise the assembling and weighing of such goods, the checking of packages or other packed containers and the marking and addressing of such packages or containers and who may do clerical work;

"double seamer feeder" means an employee who feeds lids into a double seaming machine and who may start and stop the machine and clear obstructions in the runway;

"emergency work" means any work necessitated by a breakdown of plant or machinery, or in connection with the overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during the ordinary hours of work prescribed in clause 5, and any other work arising from an unforeseen occurrence owing to causes such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence, civil commotion or theft which must be done without delay or which is necessary to ensure the maintenance or provision of power, light, water, telephone, public health, sanitary, cleansing, public transport or airport services, or for the fulfilment of orders for the supply of goods to, or the provision of services in connection with ships, trains, air services, hospitals, or the Union armed forces;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the cold storage or bacon curing and/or small goods manufacturing industries;

"experience" means in relation to—

(*a*) clerical employee and smallgoodsman and/or bacon curer, the total period or periods of employment which an employee has had as a clerical employee or smallgoodsman and/or bacon curer respectively;

(*b*) a meat cook, a vanman, a shiftsman, a grade I employee and a grade II employee, the total period or periods of employment which an employee has had as a meat cook, a vanman, a shiftsman, a grade I employee or a grade II employee respectively in the cold storage and bacon curing and/or small goods manufacturing industries;

"grade I employee" means an employee who is engaged in one or more of the following capacities:—

(1) Automatic double seaming machine attendant;
(2) vacuum boiler plant attendant;
(3) retort pressure cooker attendant;

"grade I employee, qualified," means a grade I employee who has had not less than one year's experience;

"grade I employee, unqualified," means a grade I employee who has had less than one year's experience;

"grade II employee" means an employee who is engaged in one or more of the following capacities or operations:—

(1) Cask or barrel repairer;
(2) operating or attending one or more of the following machines:—

(*a*) Box nailing;
(*b*) box-end printing;
(*c*) automatic container washing or sterilizing;
(*d*) labelling, other than an automatic labelling machine;
(*e*) non-automatic seaming or clinching;

"grade II employee, qualified," means a grade II employee who has had not less than six months' experience;

"grade II employee, unqualified," means a grade II employee who has had less than six months' experience;

"grade III employee" means an employee who is engaged in one or more of the following capacities or operations:—

(1) Can lacquering;
(2) double seamer feeder;
(3) soldering by hand;
(4) passenger lift attendant;
(5) making trays or boxes from uncut material;
(6) operating or attending one or more of the following machines:—

(*a*) Exhaust box;
(*b*) pre-heating;
(*c*) pumping;

„graad IV werknemer", 'n werknemer wat in een of meer van ondergenoemde werksaamhede of hoedanighede in diens is:—

(1) ketelbediener;
(2) bediener van goederehyser;
(3) oorpakke stryk en/of heelmaak;
(4) etikette perforeer;
(5) bediener in verband met beskermende klere;

en sluit werknemers in wat nie spesifiek in klousule 3 (1) genoem word nie;

„handlanger", 'n werknemer in diens om kleiner herstel- of verstelwerk aan masjienerie, installasie of ander uitrusting uit te voer en wat kleiner herstelwerk aan geboue doen;

„arbeider", 'n werknemer in diens vir een of meer van die volgende hoedanighede of werksaamhede:—

(1) persele, voertuie, gereedskap, meubels, gerei, werktuie, masjinerie, filterperse of ander artikels skoonmaak of was;
(2) voertuie, uitgesonderd motorvoertuie, olie en smeer;
(3) rantsoene kook of tee of dergelike dranke maak of tee of ander verversings aan werknemers bedien;
(4) bottels, blikkies, skottels of ander houers met die hand was;
(5) briewe, boodskappe of artikels te voet of met 'n fiets, driewieler of handvoertuig aflewer;
(6) vure maak, aan die brand hou of trek, maar nie in stoomketels nie, of afval of as verwyder;
(7) goedere of ander roerende goedere laai, aflaai, optel, dra, verplaas of stapel;
(8) 'n handvoertuig of trok stoot of trek;
(9) deure, vensters of boligte of kiste, sakke, bale dromme of ander pakkette of houers oopmaak, verseël of toemaak;
(10) bondels plankies losmaak, of platkissies, kratte of kiste met die hand inmekaarsit of spyker uit plankies of voorbereide materiaal;
(11) platkissies, kratte of kiste met die hand met voorbereide materiaal herstel;
(12) kiste of ander houers vasbind, bedraad of bande omslaan;
(13) kiste, sakke, kartonne, dromme, blikke of ander pakkies of houers sjabloneer of merk (maar nie met die hand adresseer nie), of dit van etikette voorsien;
(14) tuinwerk (d.w.s. onder toesig plant, spit, hark, grassny of natmaak of tuingrond of materiaal strooi of meng; of heinings knip of tuinpaaie of paadjies skoonmaak of vee);
(15) diere oppas, dryf of versorg of voertuie dryf wat deur diere getrek word;
(16) veselriffelbord of soortgelyke houers met die hand uitpak of oopmaak of klaargemaakte houers fatsoeneer;
(17) houers of papier vou;
(18) voerings, skywe of ringe met die hand in deksels plaas;
(19) artikels van dieselfde grootte en getal verpak in houers wat spesiaal gemaak is om sodanige artikels te bevat;
(20) gebuigde flense regbuig;
(21) vleis, vleisprodukte of bestanddele wat by die vervaardiging van vleisprodukte gebruik word, aan masjiene of kookgereedskap voer, of vleis, vleisprodukte, wors- of poloniederms of bestanddele wat in die vervaardiging van vleisprodukte gebruik word uit of van masjiene, kookgereedskap, installasie, tafels, skale, bande of vervoertoestelle neem;
(22) vleis of vleisprodukte was of insout;
(23) blikkies of houers sorteer of leë sakke of sakke sorteer, tel of bondel;
(24) blikkies of houers met die hand volmaak of leegmaak;
(25) krane of kleppe onder toesig oop- of toemaak;
(26) op 'n gestelde skaal afweeg; of volgens 'n gestelde maat meet of volgens 'n gestelde volume volmaak;
(27) met die hand sif;
(28) 'n handhysmasjien bedien;
(29) uitskep;
(30) derms, velle, huide of afval onder toesig skoonmaak, skraap, afmeet of insout;
(31) vleis opsny vir maal, vleis van bene afsny, vleismeules, snymasjiene, kerfmasjiene of vulmasjine voer of leegmaak, wors- of poloniekunsderms volmaak, worskunsderms oopvou of wors of polonie vasbind, alles onder toesig;
(32) bene saag of stukkend kap, vet opsny of smelt of vet deur masjiene sit;

"grade IV employee" means an employee who is engaged in one or more of the following capacities or operations:—

(1) Boiler attendant;
(2) goods lift attendant;
(3) ironing and/or mending overalls;
(4) perforating labels;
(5) protective clothing attendant;

and includes employees not specifically referred to in clause 3 (1);

"handyman" means an employee who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery, plant, or other equipment and who may effect minor repairs to buildings;

"labourer" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations:—

(1) Cleaning or washing premises, vehicles, tools, furniture, utensils, implements, machinery, filter presses or other articles;
(2) oiling and greasing vehicles, other than motor vehicles;
(3) cooking rations or making tea or similar beverages or serving tea or other refreshments to employees;
(4) washing bottles, tins, dishes or other containers by hand;
(5) delivering letters, messages or articles on foot or by means of a bicycle, tricycle or hand-propelled vehicle;
(6) making, maintaining or drawing fires, other than in steam boilers, or removing refuse or ashes;
(7) loading, unloading, lifting, carrying, moving or stacking goods or other movables;
(8) pushing or pulling any manually propelled vehicle or truck;
(9) opening, sealing or closing doors, windows or fanlights or boxes, bales, bags, drums or other packages or containers;
(10) loosening shooks or assembling or nailing trays, crates or boxes from shooks or ready prepared material by hand;
(11) repairing trays, crates or boxes by hand;
(12) binding, wiring or strapping boxes or other containers;
(13) stencilling, marking (but not addressing by hand) or affixing labels to boxes, bags, cartons, drums, tins or other packages or containers;
(14) gardening work (i.e. planting under supervision, digging, raking, mowing or watering or spreading or mixing garden soil or materials or trimming hedges or cleaning or sweeping garden roads or paths);
(15) herding, driving or tending animals or driving animal-drawn vehicles;
(16) unpacking or opening up corrugated fibre board or similar containers by hand or shaping ready-made containers;
(17) folding containers or paper;
(18) inserting liners, discs or rings into lids by hand;
(19) packing articles of a uniform size and number into containers specially made to contain such articles;
(20) straightening bent flanges;
(21) feeding meat, meat products or ingredients used in the manufacture of meat products into machines or cooking utensils or taking meat, meat products, sausage or polony skins or ingredients used in the manufacture of meat products out of or from machines, cooking utensils, plant, tables, scales, belts or conveyors;
(22) washing or salting meat or meat products;
(23) sorting tins or containers or sorting, counting or bundling empty sacks or bags;
(24) filling or emptying tins or containers by hand;
(25) opening or closing cocks or valves under supervision;
(26) weighing to a set scale or measuring to a set measure or filling to a set volume;
(27) sieving by hand;
(28) operating a hand hoist;
(29) ladling;
(30) cleaning, scraping, measuring or salting guts, skins, hides or offal under supervision;
(31) cutting up meat for mincing, cutting off meat from bones, feeding or emptying mincing, cutting, slicing or filling machines, filling sausage or polony casings, unfolding sausage casings or tying sausages or polonies, under supervision;
(32) sawing or chopping up bones, cutting up or melting fat or putting fat through machines;

„vleiskok", 'n werknemer wat verantwoordelik is vir en besig is met die kook van vleis of vleisprodukte;

„vleiskok, gekwalifiseer," 'n vleiskok met minstens drie jaar ervaring;

„vleiskok, ongekwalifiseer," 'n vleiskok met minder as drie jaar ervaring;

„werktuigkundige", 'n werknemer in diens om werk te doen wat gewoonlik deur 'n geskoolde vakman verrig word;

„motorvoertuigbestuurder", 'n werknemer in diens om 'n motorvoertuig te bestuur en vir die doel van hierdie woordbepaling sluit „'n motorvoertuig bestuur", alle bestuurtye in en tyd deur die bestuurder deurgebring met werk in verband met die voertuig of die vrag en alle tye waarin hy verplig is om op sy pos te bly, gereed om te bestuur;

„deeltydse motorvoertuigbestuurder", 'n werknemer in diens om 'n motorvoertuig te bestuur vir hoogstens drie uur altesaam op 'n dag en vir die doel van hierdie woordbepaling sluit „'n motorvoertuig bestuur" alle bestuurtye in en tyd deur die bestuurder deurgebring terwyl hy in beheer van die voertuig was of op werk in verband met die voertuig of die vrag;

„stukwerk", 'n stelsel waarvolgens 'n werknemer se besoldiging gebaseer word op die hoeveelheid of omvang van die werk gedoen;

„bediener in verband met beskermende klere", 'n werknemer in diens vir die uitdeel en insameling van oorpakke, voorskote, handskoene, oorskoene, waterdigte kledingstukke of ander beskermende klere en wat toesig hou oor die was, stryk en heelmaak van oorpakke;

„skofman", 'n werknemer wat onder toesig van 'n ingenieur in beheer is van ammoniakkompressorinstallasie;

„skofman, gekwalifiseer," 'n skofman met minstens drie jaar ervaring;

„skofman, ongekwalifiseer," 'n skofman met minder as drie jaar ervaring;

„skofwerker", 'n werknemer wat werksaam is of help om die bevriesingsproses in 'n inrigting in stand te hou ten opsigte waarvan ononderbroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is;

„korttyd", 'n tydelike vermindering van die getal gewone werkure, die gevolg van handelslapte, 'n tekort aangrondstowwe of spoorwegtrokke, weersomstandighede, 'n algemene defek aan installasie of masjinerie of 'n dreigende instorting van geboue wat die gevolg is van 'n ongeval of ander onvoorsiene oorsaak;

„kleingoederewerker en/of spekbereider", 'n werknemer wat verantwoordelik is vir en werksaam is met die maak van wors, polonie, sult of enige ander vleisproduk bedoel vir menslike gebruik en/of preserveer en/of spek berei;

„kleingoederewerker en/of spekbereider, gekwalifiseer," 'n kleingoederewerker en/of spekbereider met minstens vyf jaar ervaring;

„kleingoederewerker en/of spekbereider, ongekwalifiseer," 'n kleingoederewerker en/of spekbereider met minder as vyf jaar ervaring;

„magasynmeester", 'n werknemer in beheer van voorrade of afgewerkte produkte en wat verantwoordelik is vir die ontvang, bewaring, inmekaarsit, verpakking of uitpak van goedere in 'n pakhuis of loods of goedere van 'n pakhuis of loods aan die verbruiksafdeling van 'n inrigting oorhandig of vir versending;

„sleepwa", 'n vervoermiddel wat deur 'n motorvoertuig getrek word;

„gewig sonder vrag", die gewig van 'n motorvoertuig of sleepwa soos op 'n lisensie of sertifikaat aangedui wat ten opsigte van die motorvoertuig of sleepwa uitgereik is deur 'n owerheid deur die wet gemagtig om lisensies ten opsigte van motorvoertuie uit te reik;

„bediener van vakuumkookinstallasie", 'n werknemer wat 'n vakuumkookinstallasie bedien en wat verantwoordelik is vir die produksie van gekonsentreerde vloeistowwe deur die installasie;

„bestelwabediende", 'n werknemer in diens om 'n motorvoertuig of 'n voertuig deur diere getrek te bestuur, wat goedere van so'n voertuig aflewer of verkoop en wat bestellings kan sollisiteer;

„loon", dié gedeelte van die besoldiging aan 'n werknemer verskuldig ten opsigte van die gewone werkure wat by klousule 5 voorgeskryf word;

„wag", 'n werknemer in diens om persele, geboue, hekke of ander eiendom te bewaak.

"meat cook" means an employee who is responsible for and engaged in the cooking of meat or meat products;

"meat cook, qualified," means a meat cook who has had not less than three years' experience;

"meat cook, unqualified," means a meat cook who has had less than three years' experience;

"mechanic" means an employee who is engaged in work normally performed by a skilled artisan;

"motor vehicle driver" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle and for the purpose of this definition "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

"part-time motor vehicle driver" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle for not more than three hours in the aggregate on any day and for the purpose of this definition "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver while in charge of the vehicle or on work connected with the vehicle or the load;

"piece-work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity or output of work done;

"protective clothing attendant" means an employee who is engaged in handing out and collecting overalls, aprons, gloves, goloshes, waterproofs or other protective clothing and who may supervise the washing, ironing and mending of overalls;

"shiftsman" means an employee who, under the supervision of an engineer, is in charge of an ammonia compressor plant;

"shiftsman, qualified," means a shiftsman who has had not less than three years' experience;

"shiftsman, unqualified," means a shiftsman who has had less than three years' experience;

"shift worker" means an employee who is engaged or assists in maintaining the refrigeration process in an establishment, in respect of which continuous working by means of three shifts per day is necessary;

"short-time" means a temporary reduction in the number of ordinary hours of work due to slackness of trade, shortage of raw materials or railway trucks, vagaries of the weather, a general breakdown of plant or machinery or a threatened breakdown of buildings caused by accident or other unforeseen cause;

"smallgoodsman and/or bacon curer" means an employee who is responsible for and engaged in making sausages, polonies, brawn or any other meat product intended for human consumption and/or preserving meat and/or curing bacon;

"smallgoodsman and/or bacon curer, qualified," means a smallgoodsman and/or bacon curer who has had not less than five years' experience;

"smallgoodsman and/or bacon curer, unqualified," means a smallgoodsman and/or bacon curer who has had less than five years' experience;

"storeman" means an employee who is in charge of stores or finished products and who is responsible for receiving, storing, assembling, packing or unpacking goods in a store or warehouse or delivering goods from a store or warehouse to the consuming departments in an establishment or for despatch;

"trailer" means any conveyance drawn by a motor vehicle;

"unladen weight" means the weight of any motor vehicle or trailer as expressed in a licence or certificate issued in respect of such motor vehicle or trailer by any authority empowered by law to issue licences in respect of motor vehicles;

"vacuum boiler plant attendant" means an employee who operates a vacuum boiling plant and who is responsible for the production by the plant of concentrated liquids;

"vanman" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle or an animal-drawn vehicle, who delivers or sells goods from such vehicle and who may solicit orders;

"wage" means that portion of the remuneration payable to an employee in respect of the ordinary hours of work laid down in clause 5;

"watchman" means an employee who is engaged in guarding premises, buildings, gates or other property.

(2) By die indeling van 'n werknemer vir die toepassing van hierdie Vasstelling word dit beskou dat hy ressorteer onder dié klas waarin hy uitsluitlik of hoofsaaklik werksaam is.

3. LONE.

(1) Die minimum loon wat deur 'n werkgewer aan elke lid van die ondergenoemde klasse werknemer betaal moet word, is soos volg:—

(*a*) *Werknemers, behalwe los werknemers—*

	In die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Port Elizabeth, Oos-Londen, Durban, Pietermaritzburg, Kimberley, Bloemfontein, Randfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Nigel, Vereeniging en Pretoria.			In alle ander gebiede.		
	Per week.			Per week.		
	£	s.	d.	£	s.	d.
Klerklike werknemer, vroulik, gekwalifiseer	3	16	2	2	15	10
Klerklike werknemer, vroulik, ongekwalifiseer—						
Gedurende eerste jaar ervaring	2	3	10	2	3	10
Gedurende tweede jaar ervaring	2	11	11	2	6	10
Gedurende derde jaar ervaring	3	0	0	2	9	10
Gedurende vierde jaar ervaring	3	8	1	2	12	10
Klerklike werknemer, manlik, gekwalifiseer	6	6	11	5	1	6
Klerklike werknemer, manlik, ongekwalifiseer—						
Gedurende eerste jaar ervaring	2	3	10	2	3	10
Gedurende tweede jaar ervaring	3	0	6	2	15	5
Gedurende derde jaar ervaring	3	17	2	3	7	0
Gedurende vierde jaar ervaring	4	13	9	3	18	6
Gedurende vyfde jaar ervaring	5	10	4	4	10	0
Graad I werknemer, gekwalifiseer	4	0	0	3	5	0
Graad I werknemer, ongekwalifiseer—						
Gedurende eerste drie maande ervaring	2	0	0	1	15	0
Gedurende tweede drie maande ervaring	2	10	0	2	2	6
Gedurende derde drie maande ervaring	3	0	0	2	10	0
Gedurende vierde drie maande ervaring	3	10	0	2	17	6
Graad II werknemer, gekwalifiseer	2	12	6	2	2	6
Graad II werknemer, ongekwalifiseer—						
Gedurende eerste drie maande ervaring	1	15	0	1	10	0
Gedurende tweede drie maande ervaring	2	2	6	1	15	0
Graad III werknemer	2	2	6	1	15	0
Handlanger	5	10	0	4	15	0
Vleiskok, gekwalifiseer	5	10	0	5	10	0
Vleiskok, ongekwalifiseer—						
Gedurende eerste ses maande ervaring	2	0	0	2	0	0
Gedurende tweede ses maande ervaring	2	10	0	2	10	0
Gedurende derde ses maande ervaring	3	0	0	3	0	0
Gedurende vierde ses maande ervaring	3	10	0	3	10	0
Gedurende vyfde ses maande ervaring	4	0	0	4	0	0
Gedurende sesde ses maande ervaring	4	10	0	4	10	0
Werktuigkundige	7	9	6	7	9	6
Skofman, gekwalifiseer	6	0	0	5	0	0
Skofman, ongekwalifiseer—						
Gedurende eerste ses maande ervaring	2	0	0	2	0	0
Gedurende tweede ses maande ervaring	2	10	0	2	7	6
Gedurende derde ses maande ervaring	3	0	0	2	15	0
Gedurende vierde ses maande ervaring	3	15	0	3	5	0
Gedurende vyfde ses maande ervaring	4	10	0	3	15	0
Gedurende sesde ses maande ervaring	5	5	0	4	7	6
Kleingoederewerker en/of spekbereider, gekwalifiseer	7	10	0	7	10	0
Kleingoederewerker en/of spekbereider, ongekwalifiseer—						
Gedurende eerste jaar ervaring	2	0	0	2	0	0
Gedurende tweede jaar ervaring	3	0	0	3	0	0
Gedurende derde jaar ervaring	4	0	0	4	0	0
Gedurende vierde jaar ervaring	5	5	0	5	5	0
Gedurende vyfde jaar ervaring	6	10	0	6	10	0
Bestelwabediende—						
Gedurende die eerste ses maande ervaring	6	0	0	5	0	0
Daarna	8	0	0	7	0	0

(2) In classifying an employee for the purpose of this determination he shall be deemed to be in that class in which he is wholly or mainly engaged.

3. WAGES.

(1) The minimum wage which shall be paid by an employer to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out hereunder:—

(*a*) *Employees, other than casual employees—*

	In the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Port Elizabeth, East London, Durban, Pietermaritzburg, Kimberley, Bloemfontein, Randfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Nigel, Vereeniging and Pretoria.			In All Other Areas.		
	Per Week.			Per Week.		
	£	s.	d.	£	s.	d.
Clerical employee, female, qualified	3	16	2	2	15	10
Clerical employee, female, unqualified—						
During the first year of experience	2	3	10	2	3	10
During the second year of experience	2	11	11	2	6	10
During the third year of experience	3	0	0	2	9	10
During the fourth year of experience	3	8	1	2	12	10
Clerical employee, male, qualified	6	6	11	5	1	6
Clerical employee, male, unqualified—						
During the first year of experience	2	3	10	2	3	10
During the second year of experience	3	0	6	2	15	5
During the third year of experience	3	17	2	3	7	0
During the fourth year of experience	4	13	9	3	18	6
During the fifth year of experience	5	10	4	4	10	0
Grade I employee, qualified	4	0	0	3	5	0
Grade I employee, unqualified—						
During the first three months of experience	2	0	0	1	15	0
During the second three months of experience	2	10	0	2	2	6
During the third three months of experience	3	0	0	2	10	0
During the fourth three months of experience	3	10	0	2	17	6
Grade II employee, qualified	2	12	6	2	2	6
Grade II employee, unqualified—						
During the first three months of experience	1	15	0	1	10	0
During the second three months of experience	2	2	6	1	15	0
Grade III employee	2	2	6	1	15	0
Handyman	5	10	0	4	15	0
Meat cook, qualified	5	10	0	5	10	0
Meat cook, unqualified—						
During the first six months of experience	2	0	0	2	0	0
During the second six months of experience	2	10	0	2	10	0
During the third six months of experience	3	0	0	3	0	0
During the fourth six months of experience	3	10	0	3	10	0
During the fifth six months of experience	4	0	0	4	0	0
During the sixth six months of experience	4	10	0	4	10	0
Mechanic	7	9	6	7	9	6
Shiftsman, qualified	6	0	0	5	0	0
Shiftsman, unqualified—						
During the first six months of experience	2	0	0	2	0	0
During the second six months of experience	2	10	0	2	7	6
During the third six months of experience	3	0	0	2	15	0
During the fourth six months of experience	3	15	0	3	5	0
During the fifth six months of experience	4	10	0	3	15	0
During the sixth six months of experience	5	5	0	4	7	6
Smallgoodsman and/or bacon curer, qualified	7	10	0	7	10	0
Smallgoodsman and/or bacon curer, unqualified—						
During the first year of experience	2	0	0	2	0	0
During the second year of experience	3	0	0	3	0	0
During the third year of experience	4	0	0	4	0	0
During the fourth year of experience	5	5	0	5	5	0
During the fifth year of experience	6	10	0	6	10	0
Vanman—						
During the first six months of experience	6	0	0	5	0	0
Thereafter	8	0	0	7	0	0

	In die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad en Bellville.	In die magistraatsdistrikte Randfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Springs en Nigel.	In die magistraatsdistrikte Pretoria en Vereeniging.	In die magistraatsdistrikte Port Elizabeth, Oos-Londen, Durban, Pietermaritzburg, Kimberley en Bloemfontein.	In alle ander gebiede.
	Per week. £ s. d.	Per week. £ s. d.	Per week. £ s. d.	Per week. £ s. d.	Per week. £ s. d.
Motorvoertuigbestuurder in diens om 'n motorvoertuig te bestuur waarvan die gewig sonder vrag van 'n sleepwa of sleepwaens wat deur die motorvoertuig getrek word—					
(i) nie meer as 6,000 lb. is nie	4 5 0	5 0 0	5 0 0	4 5 0	3 0 0
(ii) meer as 6,000 lb. maar nie meer as 10,000 lb. is nie..	5 5 0	6 0 0	6 0 0	5 5 0	4 0 0
(iii) meer as 10,000 lb. is.....	7 0 0	7 10 0	7 10 0	7 0 0	5 10 0
Manlike arbeider van 18 jaar of ouer	1 17 6	1 12 6	1 10 0	1 10 0	1 2 6
Manlike arbeider onder 18 jaar....	1 10 0	1 6 0	1 4 0	1 4 0	0 18 0
Vroulike arbeider.....	1 10 0	1 6 0	1 4 0	1 4 0	0 18 0
Graad IV-werknemer.....	2 0 0	1 17 6	1 15 0	1 15 0	1 17 6

	In the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown and Bellville.	In the Magisterial Districts of Randfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Springs and Nigel.	In the Magisterial Districts of Pretoria and Vereeniging.	In the Magisterial Districts of Port Elizabeth, East London, Durban, Pietermaritzburg, Kimberley and Bloemfontein.	In All Other Areas.
	Per Week. £ s. d.	Per Week. £ s. d.	Per Week. £ s. d.	Per Week. £ s. d.	Per Week. £ s. d.
Motor vehicle driver engaged in driving a motor vehicle, the unladen weight of which together with the unladen weight of any trailer or trailers drawn by such vehicle—					
(i) does not exceed 6,000 lb.	4 5 0	5 0 0	5 0 0	4 5 0	3 0 0
(ii) exceeds 6,000 lb. but does not exceed 10,000 lb.....	5 5 0	6 0 0	6 0 0	5 5 0	4 0 0
(iii) exceeds 10,000 lb.....	7 0 0	7 10 0	7 10 0	7 0 0	5 10 0
Male labourer of the age of 18 years and over.....	1 17 6	1 12 6	1 10 0	1 10 0	1 2 6
Male labourer under the age of 18 years.....	1 10 0	1 6 0	1 4 0	1 4 0	0 18 0
Female labourer.....	1 10 0	1 6 0	1 4 0	1 4 0	0 18 0
Grade IV employee.....	2 0 0	1 17 6	1 15 0	1 15 0	1 17 6

(*b*) *Los werknemers.*—Vir elke dag of gedeelte van 'n dag diens, een-vyfde van die hoogste weekloon voorgeskryf vir 'n werknemer in dieselfde gebied wat dieselfde klas werk verrig as wat die los werknemer verwag word om te doen.

(2) *Kontrakbasis.*—Vir die doeleindes van hierdie klousule is die dienskontrakbasis van 'n werknemer, behalwe 'n los werknemer, 'n weeklikse en behalwe soos bepaal by klousule 4 (6) moet 'n werknemer ten opsigte van 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat by subklousule (1), gelees tesame met subklousule (3), voorgeskryf word vir 'n werknemer van sy klas en gebied hetsy hy in dié week die maksimum getal gewone ure gewerk het wat in klousule 5 voorgeskryf is, of minder.

(3) *Differensiële loonskale.*—'n Werkgewer wat van 'n lid van een klas van sy werknemers vereis of hom toelaat om op 'n dag hetsy bo en behalwe sy eie werk of in plaas daarvan, altesame vir meer as een uur werk van 'n ander klas te verrig waarvoor òf—

(*a*) 'n hoër loon as dié vir sy eie klas; òf
(*b*) 'n opgaande loonskaal wat eindig op 'n hoër loon as dié vir sy eie klas;

by subklousule (1) voorgeskryf word, moet die werknemer ten opsigte van dié dag soos volg betaal:—

(i) in die geval wat in paragraaf (*a*) genoem word, minstens een-sesde van die hoër weekloon wat by subklousule (1) voorgeskryf is, en
(ii) in die geval wat in paragraaf (*b*) genoem word, minstens een-sesde van die hoogste weekloon wat by subklousule (1) vir die hoër klas voorgeskryf word; met dien verstande dat ingeval die enigste verskil tussen klasse ingevolge subklousule (1) gebaseer word op ervaring of geslag, die bepalings van hierdie subklousule nie van toepassing is nie.

(4) *Fietstoelae.*—'n Werkgewer wat van sy werknemer vereis of hom toelaat om sy eie fiets te gebruik wanneer hy sy pligte uitvoer, moet—

(*a*) in die geval van 'n werknemer, behalwe 'n los werknemer minstens drie sjielings en ses pennies per week aan hom betaal.
(*b*) in die geval van 'n los werknemer minstens nege pennies per dag aan hom betaal, benewens die loon wat vir 'n werknemer van sy klas en gebied in subklousule (1) voorgeskryf word.

(*b*) *Casual Employees.*—For each day or part of a day of employment, one-fifth of the highest weekly wage prescribed for an employee in the same area performing the same class of work as the casual employee is required to perform.

(2) *Basis of Contract.*—For the purpose of this clause the basis of contract of employment of an employee, other than a casual employee, shall be weekly and, save as provided in clause 4 (6), an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in sub-clause (1) read with sub-clause (3) for an employee of his class and area whether he has in that week worked the maximum number of ordinary hours prescribed in clause 5 or less.

(3) *Differential Wage.*—An employer who requires or permits a member of one class of his employees to perform for longer than one hour in the aggregate on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor, work of another class for which either—

(*a*) a wage higher than that of his own class, or
(*b*) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class,

is prescribed in sub-clause (1), shall pay to such employee in respect of that day—

(i) in the case referred to in paragraph (*a*) not less than one-sixth of the higher weekly wage prescribed in sub-clause (1); and
(ii) in the case referred to in paragraph (*b*), not less than one-sixth of the highest weekly wage prescribed in sub-clause (1) for the higher class:

Provided that where the sole difference between classes is, in terms of sub-clause (1), based on experience or sex, the provisions of this sub-clause shall not apply.

(4) *Bicycle Allowance.*—An employer who requires or permits an employee to use his own bicycle in the performance of his duties shall pay to him—

(*a*) in the case of an employee, other than a casual employee, not less than three shillings and sixpence per week;
(*b*) in the case of a casual employee not less than ninepence per day,

in addition to the wage prescribed in sub-clause (1) for an employee of his class and area.

(5) *Berekening van maandloon.*—Wanneer die loon wat aan 'n werkgewer verskuldig is, kragtens klousule 4 (1) maandeliks betaal word, moet die loon bereken word teen die skaal van vier en een-derde maal die loon wat by subklousule (1) vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word.

4. BETALING VAN BESOLDIGING.

(1) *Werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer.*—Behoudens soos bepaal by klousule 6 (3), moet elke bedrag wat aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, verskuldig is, weekliks, of as die werkgewer en werknemer daaroor ooreengekom het, maandeliks in kontant betaal word gedurende die werkure, of binne vyftien minute na beëindiging van werk, op die gewone betaaldag van die inrigting, of by beëindiging van die diens as dit voor die gewone betaaldag plaasvind, en dit moet in 'n geslote koevert of ander houer wees waarop aangeteken moet staan, of dit moet vergesel wees van 'n staat wat die werkgewer se naam, die werknemer se naam of betaalstaatnommer, die werknemer se bedryf, die getal gewone ure en oortydure wat gewerk is, die verskuldigde besoldiging en die tydperk waarvoor betaling gedoen word, meld.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan sy los werknemer verskuldig is, by beëindiging van sy diens in kontant betaal.

(3) *Premies.*—Geen betaling ten opsigte van diensverskaffing aan of opleiding van 'n werknemer, mag regstreeks of onregstreek aan 'n werkgewer gedoen of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Aankoop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemers vereis om van hom of van 'n winkel of persoon wat hy aanwys, goedere te koop nie.

(5) *Kos en huisvesting.*—Behoudens soos bepaal by die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, of by die Naturellearbeid Regelingswet, 1911, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om by hom, of by 'n persoon of by 'n plek wat hy aanwys, te loseer en in te woon of te loseer of in te woon nie.

(6) *Boetes en aftrekkings.*—'n Werkgewer mag geen boetes van sy werknemer hef, of aftrekkings van sy werknemer se besoldiging maak nie, behalwe die volgende:—

